



TIEN BOODSKAPPE VAN HOOP
SAMEVATTING VAN KERNBODSKAPPE
IN DIE BYBEL
MET
TEMA VAN HOOP
(REEKS 1)



SAAMGESTEL DEUR 'N LUX MUNDI GROEIGROEP

PAUL EN MARIETJIE LE ROUX
EMILE HURTER
DANIE EN HENTA PAYNE
SCHALK EN GRIETA EAGAR
JOHAN EN ANNEMARIE DE BRUYN
BABY STEENKAMP
ANTON LOUW

2005



TIEN BOODSKAPPE VAN HOOP

SAMEVATTING VAN KERNBOODSKAPPE IN DIE BYBEL MET TEMA VAN HOOP

- 1. VERLOSSING VAN SONDE – BLYE BOODSKAP**
(Hoop op 'n toekoms genadiglik verlos van sonde en die effek van sonde)
- 2. WEDERGEBORE KIND VAN GOD – ERFGENAAM**
(Hoop omdat kinders van God Sy erfgename is)
- 3. LEWENSKOERS GERIG DEUR GELOOF, HOOP EN LIEFDE**
(Hoop omdat ons lewens gerig word deur liefde en geloof)
- 4. TOT VRYHEID GEROEP – LEEF VRY**
(Hoop op 'n ware vry lewe in Jesus. Vry van dood. Vry om na God te gaan.)
- 5. GOD BEMOEDIG – EK BEMOEDIG, AKSIE – REAKSIE**
(Hoop omdat God ons bemoedig)
- 6. VRUG VAN DIE GEES – LEEF ANDERS AS DIE WÊRELD, LEEF MET HOOP**
(Hoop omdat ons die werk van die Heilige Gees in gelowiges sien)
- 7. VERSOEKING EN BEPROEWING – GROEI GELEENTHEID**
(Hoop omdat God versorg in lyding en swaarkry)
- 8. GOD VERSORG SY KINDERS – ONTVANG EN GEE BLYMOEDIG**
(Hoop omdat gelowiges blymoedig uitdeel aan die wat versorging nodig het)
- 9. WEDERKOMS – BELOFTE EN VERWAGTING**
(Hoop dat Jesus weer kom)
- 10. DOOD EN EWIGE LEWE BY GOD**
(Lewende hoop op 'n onverganklike en onbesmette hemelse erfenis)

Voorwoord

Mense wat nie hoop het nie of hoop verloor het bestaan net voort. Jy kan die wanhoop in hulle oë sien. Hulle het die ware lewe verloor of miskien nog nooit gehad nie. Dit is waar van baie mense op aarde ongeag waar hulle is wat hulle omstandighede is. Die verlossing wat Jesus Christus vir ons gelowiges gegee het bied die beste boodskap van hoop wat mense kan kry. Wat kan jy doen om die passie wat Jesus vir verlore mense het, na vandag se verlore mense uit te dra? Wat doen jy om die blye boodskap van hoop met ander mense te deel? Ons groeigroep het tien boodskappe van hoop in die Bybel gesoek wat ons met ander mense kan deel. Ons bid en vertrou dat dit vir jou ook sal help om die ware hoop met ander mense, wat dit nodig het, te deel.

Rom. 15:13

*¹³Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!*¹

Ef. 1:18

*¹⁸Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het,*²

Beskrywing van die beginsels en proses vir die ontwikkeling van die Leer en Groei Saam Reeks:

- a) Die reeks is 'n integrale deel van die geloofservaring van ons eie gemeenskap van gelowiges.
- b) Die beginsel is dat gelowiges, gelei deur die Heilige Gees, mekaar aanmoedig en stimuleer tot groei in geloof en kennis.
- c) Die materiaal word saamgestel vanuit verskillende Bybel vertalings, bestaande erkende kommentare en literatuur met duidelike verwysings. Persoonlike kommentaar en opinies word duidelik as sulks uitgewys.
- d) Die ontwikkelingsproses sluit ook die kwaliteitsbeginsel van voortdurende verbetering in. Hersienings word aan datums uitgeken.
- e) Alhoewel erkenning gegee word aan die oorspronklike samesteller en die insette van elke medewerker is die produk die eiendom van die gemeente. 'n Hersieningspan is verantwoordelik vir die instandhouding, opdatering en verspreiding van die dokumente.
- f) Die produkte/dokumente is voorwaardelik beskikbaar aan alle medegelowiges binne en buite die gemeente.

Voorwaardes vir gebruik van die materiaal:

- a) Jesus Christus moet die eer kry. Verheerlik Sy Naam.
- b) Gee terugvoering en kommentaar om die reeks kontinu te verbeter. Stuur kommentaar na groei@luxmundi.org.za
- c) Materiaal mag nie verkoop word nie. Moet verkieslik elektronies versprei word. Slegs koste van afdrukke kan verhaal word.

Ons dank aan Lourens Bosman vir die simboliek op die titelblad.

¹ Die Bybel : Nuwe Vertaling. electronic ed. Cape Town, South Africa : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1998, c1983, S. Ro 15:13

² Die Bybel : Nuwe Vertaling. electronic ed. Cape Town, South Africa : Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1998, c1983, S. Eph 1:18

1. VERLOSSING VAN SONDE – BLYE BOODSKAP

Vraag 1. Dink jy dat die evangelie-boodskap vandag nog 'n boodskap van hoop uitdra?

Vraag 2. Hoe sal jy die verlossings-boodskap oordra?


Die bybelse boodskap van hoop omdat verlossing van sonde uit genade moontlik is, word in die volgende praktiese beelde opgesom

Opsie 1: Kleurkaarte.

<p>God is Heilig.</p> <p>Het skepping lief maar haat sonde</p>	<p>Sonder Jesus is ek in sonde verlore</p>	<p>God se Plan.</p> <p>Jesus sterf vir ons sondes</p>	<p>Bely sonde.</p> <p>Aanvaar Jesus se verlossing</p>	<p>Leef dankbaar.</p> <p>Groei in geloof</p>
---	---	--	--	---

Op 4:8	Rom 3:23	Joh 3:16	1Joh 1:9	Judas 20-21
	Rom 6:23	Jes 1:18	Joh. 1:12	2 Tim 3:16
	Ps 14:2-3	1Kor 15:3	1 Joh 5:13	Jak 2:14
	Ef 2: 3-4	Ps 103:12	Op 3:20	
		Miga 7:19	Rom 10:9-11	

Opsie 2: Vallei van dood word oorspan deur Jesus se kruisbrug



Opsie 3: Bybelse woordbeeld:

Op 4:8b

“Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom.”³

Rom 3:23-24

Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie ... (Rom 3:23)

... maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. (Rom 3:24).

Ef 2:1-6

Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word ... (Ef 2:1–3).

Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee... (Ef 2:4–6).⁴

Joh 3:16

¹⁶ *“God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”⁵*

1Kor 15:3-4

³ *Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; ⁴ Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.⁶*

Rom 10:9-11

⁹ *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. ¹⁰ Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. ¹¹ Die Skrif sê tog: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.”⁷*

1Joh 1:9

⁹ *Maar as ons ons sondes bely-Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.⁸*

Kol 2:6-12

⁶ *Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, ⁷ in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.⁸ Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie.⁹ In Hom is die volle wese van God beliggaam,¹⁰ en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag.¹¹ Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens.¹² Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met*

³Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁴Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

⁵Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁶Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁷Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁸Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

*Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle glo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het.*⁹

Judas 20-21

*²⁰ Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. ²¹ Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee.*¹⁰

Jak2:14 &17-18

¹⁴ Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy daade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?

¹⁷ So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot daade oorgaan nie, is dit sonder meer dood. ¹⁸ Maar iemand kan miskien sê: “Die een het die geloof en die ander het die daade.” Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder daade is, en ek sal jou my geloof wys uit my daade..¹¹

Vraag 3. Wat is my verantwoordelikheid?

Luk 8:16

¹⁶ “Niemand steek 'n lamp op en maak dit dan met iets toe of sit dit onder 'n bed nie. Inteendeel, hy sit dit op 'n staander sodat die mense wat binnekom, die lig kan sien.¹²

Bespreek 'n voorbeeld van 'n uitnodiging wat julle kan gebruik om die boodskap van hoop uit te dra

.....
.....
.....

⁹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.
¹⁰Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.
¹¹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.
¹²Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

2. WEDERGEBORE KIND VAN GOD - ERFGENAAM

Lees Joh. 3:3-5

³ Daarop sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek jou: **As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.**” ⁴ Nikodemus vra Hom toe: “Hoe kan ’n mens gebore word as hy al ’n ou man is? Hy kan tog nie ’n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?” ⁵ Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: **As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie.**”¹³

Vraag 1: Hoe word ’n mens kind van God? Verduidelik in jou eie woorde die begrip om uit water en Gees gebore te word.

Daar word baie bespiegel oor wat Jesus hier bedoel. Met *Gees* is daar nie probleme nie. Dit is **die Heilige Gees**. Jesus praat self daarvan in 3:6–8. Maar hoekom gebruik Jesus *water* saam met geboorte? Party mense sê dit gaan hier oor **die doop** as die geleentheid wanneer ’n mens na God se koninkryk toe oorstap. Ander sien hier ’n sinspeling op wat met ’n natuurlike geboorte gebeur. Die interessante is dat Jesus net in die volgende hoofstuk Homself met die **lewende water** gelykstel. Dit kan dus ook beteken dat **water hier op Jesus self** met sy reddingswerk **sinspeel**. (Dit is kenmerkend van Johannes om ’n saak eers net te noem en dit dan later deeglik te bespreek.) As *water* hier dus vooruitwys na Jesus as die lewende water (Joh 4), beteken dit dat niemand gered sal word as hy of sy nie die nuwe lewe kry wat alleen deur Jesus en die Gees gegee word nie. Die verlossingspad vir elke gelowige, ook vir ons, loop net deur Jesus en die Gees.¹⁴

Lees Rom. 8:14-25.

¹⁴ **Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.** ¹⁵ Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. ¹⁶ Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

¹⁷ **En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus.** Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid. ¹⁸ Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. ¹⁹ Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. ²⁰ Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: ²¹ die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. ²² Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. ²³ En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. **Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry.** ²⁴ Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat ’n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? ²⁵ **Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.**¹⁵

¹³Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

¹⁴Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

¹⁵Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

Lees 1 Joh. 5:1-5.

*Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is. ² Hiëraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. ³ Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, ⁴ want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. ⁵ Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?*¹⁶

Lees 1 Joh. 4:2-3.

² Hiëraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. ³ En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. ¹⁷

Vraag 2: Hoe weet ek dat ek 'n kind van God is? Verduidelik in jou eie woorde 'n praktiese toets om te bevestig of iemand die Gees van God het.

Vraag 3: Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om iemand se kind te wees?

Voorkoms: -----
Versorging: -----
Naam : -----
Liefde : -----
Straf: -----
Erfenis: -----

Vraag 4: Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om God se kind te wees?

Voorkoms:(Gen 1:26)-----
Versorging:(Luk 12:24-29)-----
Naam:(Mat(10:22)-----
Liefde:(1Kor13:4)-----
Straf: (Spr 3:12)-----
Erfenis:(1Pet 1:3-5)-----

Lees 1 Pet 1:3-5

*³ Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop ⁴ op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. ⁵ En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.*¹⁸

Vraag 3: Hoekom is daar 'n boodskap van hoop daarin om 'n kind van God te wees?

¹⁶Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

¹⁷Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

¹⁸Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

3. LEWENSKOERS GERIG DEUR GELOOF, HOOP EN LIEFDE

Tot die wederkoms het die kinders van God drie belangrike dinge wat ons op koers moet hou onder leiding van die Heilige Gees: daar is die verhouding met God (Geloof), die sekerheid dat Hy sy beloftes sal hou (Hoop) en liefde. En van hulle staan die liefde boaan die lys.

Vraag 1: Beskryf in jou eie woorde wat is Agapé liefde?

Lees 1 Kor 13:1-13

Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. ² Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. ³ Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.

⁴ Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. ⁵ Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. ⁶ Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. ⁷ Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

⁸ Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak. ⁹ Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik, ¹⁰ maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees. ¹¹ Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Maar nou dat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind. ¹² Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken. ¹³ En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde.¹⁹

Volens die Boodskap behels die Agapé liefde die volgende:

- om nooit iemand sleg te behandel wat jou irriteer nie;
- om altyd mense so te hanteer dat hulle graag by jou wil wees sonder om bang te wees dat jy hulle sleg sal behandel;
- om ander mense dit wat hulle het of kry te gun sonder om lelik daarvoor te wees as hulle dinge het wat jy nie het nie;
- om nie heeltyd oor jouself te praat en te spog nie;
- om nie heeltyd te maak asof jy soveel beter as ander mense is nie;
- om nie ongeskik te wees nie, maar jou so te gedra dat ander nie ongemaklik saam met jou voel nie;
- om nie net heeltyd aan jouself en jou eie voordeel te dink nie;
- om nie sommer vir niks kwaad te word nie;
- om nie elke liewe dingetjie wat iemand verkeerd doen te onthou sodat jy hom of haar kan terugkry nie.

Maar Agapé liefde het ook grense: liefde kan nooit kant kies vir dinge wat verkeerd is nie. Net so sal liefde altyd net bly wees oor dit wat regtig gebeur soos God dit bedoel het. Liefde beskerm waar mense beskerming nodig het; liefde glo altyd die beste van ander mense en verwag dit ook van hulle. **Agapé liefde ken geen einde nie.** Dit is nie iets wat 'n mens kan opgebruik en dan sê dis klaar nie.

Vraag 2: Beskryf in jou eie woorde wat is geloof?

Lees Heb 11:1 Definisie van Geloof

Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.²⁰

Lees Mark 10:46-52 Hoe 'n mens moet glo

⁴⁶ Daarna kom hulle in Jerigo aan. Toe Jesus en sy dissipels en 'n aansienlike menigte weer daarvandaan verder gaan, sit daar 'n blinde bedelaar, Bartimeus, seun van Timeus, langs die pad.⁴⁷ Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, het hy begin uitroep: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!"⁴⁸ Baie mense het met hom geraas en gesê hy moet stilbly. Maar hy het al hoe harder uitgeroep: "Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!"⁴⁹ Jesus het gaan staan en gesê: "Roep hom nader." Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: "Hou moed! Staan op! Hy roep jou."⁵⁰ Hy het sy bokleed net daar gelos en opgespring en na Jesus toe gegaan.⁵¹ Jesus vra vir hom: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" "Rabboeni," sê die blinde man vir Hom, "dat ek kan sien."⁵² Jesus sê daarop vir hom: "Jy kan maar gaan. Jou geloof het jou gered." Dadelik kon hy sien en het hy op die pad agter Jesus aan gegaan.²¹

Markus gebruik Bartimeus se optrede om te wys **hoe 'n mens moet glo**. (Dit is nie nuwe sake nie. Markus het dit alles al vroeër in sy Evangelie ook gewys). **Drie sake** is belangrik: **1.** Om te glo, beteken om die **verwachting** te hê dat Jesus 'n situasie waaraan 'n mens self niks kan verander nie, wel kan verander. **2.** Geloof oorkom **hindernisse**. Die mense het Bartimeus stilgemaak, maar hy het net harder geroep (**10:48**). **3.** Geloof moet daartoe lei dat 'n mens Jesus volg.²²

Vraag 3: Hoe kan ek en jy geloof sien?

Lees Rom 1:5 Geloof en gehoorsaamheid

Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring.²³

Jy **moenie**, soos baie mense vandag, verlei word om **geloof en gehoorsaamheid te skei nie**. Hierdie mense sê dat hulle twyfel en daarom doen hulle nie meer wat God in sy Woord beveel nie. Dit kan wees dat 'n mens op hierdie manier meer op jou verstand as op God vertrou.

Die Bybel wys duidelik: die **teenpool vir geloof** is nie ongeloof nie maar **ongehoorsaamheid** (Joh 3:36). Selfs al twyfel jy partykeer, moet jy nóg doen wat God vra. Baie keer herstel Hy juis só jou geloofsekerheid en vertrou, as jy op die lang duur uit genade die goeie vrugte van jou gehoorsaamheid sien. Jy moet elke dag leer en oefen om jou gedrag nie te laat bepaal deur wat jy voel nie, maar deur wat jy (uit die Bybel) hoor wat reg is.²⁴

Lees Jak 2:14, 17 en 26 Geloof en Dade

¹⁴ Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy daade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?

¹⁷ So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot daade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.

²⁰Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

²¹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

²²Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

²³Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

²⁴Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

²⁶ 'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. **So is die geloof wat nie tot daad kom nie, ook dood.**²⁵

Vraag 4: Beskryf in jou eie woorde wat is hoop?

Lees Heb 6:13, 19

¹³ Toe God aan Abraham die belofte gemaak het, het Hy niemand groter as Hyself gehad by wie Hy dit met 'n eed kon bevestig nie. Daarom het Hy dit met 'n eed by Homself bevestig ¹⁴ en gesê: “Ek sal jou beslis ryklik seën en jou 'n baie groot nageslag gee.” ¹⁵ En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry wat aan hom beloof is. ¹⁶ Mense lê 'n eed af by iemand groter as hulleself. Vir hulle is dit die bevestiging van 'n saak, en dit sluit alle teësprak uit. ¹⁷ En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg. ¹⁸ **Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggeleë is.** ¹⁹ **Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker**²⁶

Lees 1Pet 1:13-25

¹³ Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en **vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus.** ¹⁴ As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. ¹⁵ Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. ¹⁶ Daar staan immers geskrywe: “Wees heilig, want Ek is heilig.” ¹⁷ Aangesien julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig volgens sy daad oordeel, lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld. ¹⁸ Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. ¹⁹ Intendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. ²⁰ Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eindtyd gekom. ²¹ Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlikheid gegee het. Daarom is julle **geloof en hoop op God gerig.** ²² Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. ²³ Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God.

²⁴ Die Skrif sê: “Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, ²⁵ maar die woord van die Here, dít bly vir ewig.” En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.²⁷

²⁵Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

²⁶Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

²⁷Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

4. TOT VRYHEID GEROEP – LEEF VRY

4.1 Agtergrond vraag: Wat verstaan jy omder die konsep “Vryheid”? Is dit 'n haalbare realiteit?

Is dit onafhanklikheid, soverainheid en outonomieit?

Is dit die mag en vermoë om vrye keuse en selfbeskikking te beoefen?

Is dit onvoorwaardelike onverbondenheid, onbegrensdeheid, onbeperkdheid ?.

Is dit onvoorskrytelikeid, wetteloosheid, ongereguleerdheid, dissiplinelosheid, onbeheersdheid?

Is dit ongekontroleerdheid, ordeloosheid, rigtingloosheid?

Is dit aanvaarbare vorme van ongehoorsaamheid, onverantwoordelikheid en onaanspreeklikheid?

Is absolute vryheid chaos?

Die meeste mense dink waarkynlik dat vryheid die geleentheid is om te kan doen wat jy wil. Dit is egter nie die opinie van meer gesofistikeerde denkers nie. Beleidmakers beskou vryheid as die toepassing van 'n beleid van nie-inmenging in 'n gedefinieerde omgewing of ruimte. Jy is vry solank niemand jou stop nie. Menseregte aktiviste gebruik menseregte om vryheid te beperk en godsdiens leiers gebruik godsdienstige wette of reëls om vryheid te beperk.

4.2 Hoekom is mense bereid om hulle lewe te gee vir “Vryheid” as dit dan beperk word?

Voorbeelde: Tweede wêreldoorlog – stryd teen Nazis en wêreldoorheersing.

Vryheidsoorloë teen Britse oorheersing in Suid Afrika.

Stryd teen apartheid in Suid Afrika. Stryd teen blanke oorheersing.

Vryheid in 'n verskeidenheid van vorme is 'n integrale deel van gesins en gemeenskapkultuur. Dit is 'n basiese vorm van mag. Dit word in verskillende vorme van menseregte in grondwette beskerm. Dit is 'n integrale deel van die bestuurstrukture van die meeste politieke, sosiale en ekonomiese groeperings. Sodoende kan hulle hulle eie konsep van 'n “ideale” omgewing skep waarbinne hulle kan funksioneer.

Twee baie bekende voorbeelde dui op hoe beperk ons menslike denke is:

Congress shall make no law respecting an establishment of religion, or prohibiting the free exercise thereof; or abridging the freedom of speech, or of the press; or the right of the people peaceably to assemble, and to petition the Government for a redress of grievances.

— *The First Amendment to the U.S. Constitution (17 September 1787)*

The First Amendment was written because at America's inception, citizens demanded a guarantee of their basic freedoms. It is the American blueprint for personal freedom and the hallmark of an open society, the First Amendment protects freedom of speech, press, religion, assembly and petition.

Most people believe in the right to free speech, but debate whether it should cover flag-burning, hard-core rap and heavy-metal lyrics, tobacco advertising, hate speech, pornography, nude dancing, solicitation and various forms of symbolic speech. Many would agree to limit some forms of free expression.

Most people, at some level, recognize the necessity of religious liberty and toleration, but some balk when a religious tenet of a minority religion conflicts with a generally applicable law or with their own religious faith. Many Americans see the need to separate the state from the church to some extent, but

decry the banning of school-sponsored prayer from public schools and the removal of the Ten Commandments from public buildings.

Further, courts wrestle daily with First Amendment controversies and constitutional clashes, as evidenced by the free-press vs. fair-trial debate and the dilemma of First Amendment liberty principles vs. the equality values of the 14th Amendment.

Such difficulties are the **price of freedom of speech and religion** in a tolerant, open society.

Hier in Suid Afrika het die "Congress of the People" op 26 Junie 1955 die "Freedom Charter" of die vryheidsmanifes geskryf.

Hedendaags word die veranderings meestal demokraties gemaak. Dit gebeur soms dat regerings, bestuurders en leiers skuldig is aan ernstige vergryp van mag en menseregte. Dit lei dan dikwels tot burgerlike ongehoorsaamheid, rebellie, magstryd en oorlog.

Die huidige wetteloosheid in Suid Afrika is 'n oorblyfsel van die rebelse oorreaksie teen die beperkings van apartheid. Dit het deel van die kultuur geword en gaan baie moeilik verander word.

4.3 Hoekom is **vryheid** van spraak belangrik?

Beheer dit magsbalans in 'n politieke omgewing deur mense die mag te gee om te kan sê as iets verkeerd is? Christene het ook die mag in so 'n politieke omgewing om die Bybel se perspektief te stel. Besef dat ek en jy aktiviste vir Jesus kan wees en nie konformiste omdat ons konfrontasie wil vermy nie. Die magsbalans het egter ook 'n bytkant bv; die ydelike gebruik van God se naam is aanstootlik en twyfel word gesaai deur uitsprake van prominente kerklui ivm die interpretasie van die Bybel. Waar trek jy die lyn?

4.4 Hoekom is godsdienst**vryheid** vir die wêreld belangrik?

Beheer dit magsbalans in 'n fanatiese omgewing? Is dit gedwonge akkommodasie/tolleransie? Die beginsel skep weereens 'n geleentheid en 'n bedreiging. Dit maak deure oop maar dit stel ons bloot aan keuses van ander godsdienste en die "new age" konsep dat alle godsdienste dieselfde is. Dit beheer die magsposisie van die kerk en die verhouding met die staat. Ons hoef nie die Lewende God hier te verdedig nie. Sy mag is nie in regerings gesetel nie. Waar daar nie godsdienstvryheid is nie, groei die kerk die vinnigste.

Kom ons kyk nou na die lewende God se konsep van Vryheid:

Lees Gal 5:1-14 (Geroep tot God se vryheid)

Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. **Staan dan vas in hierdie vryheid** en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie. ² Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie. ³ Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou. ⁴ Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur. ⁵ Wat ons betref, **deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur te glo, vrygespreek sal word.** ⁶ In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan. ⁷ Julle was so goed op pad. Wie het julle verhinder om die waarheid te bly gehoorsaam? ⁸ Wie het julle omgepraat? Nie God nie; Hy roep julle tot gehoorsaamheid. ⁹ 'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg. ¹⁰ Ons band met die Here gee my die vertroue dat

julle net so sal dink soos ek. Maar die man wat vir julle in verwarring bring, wie hy ook al mag wees, God sal hom straf. ¹¹ Wat my betref, broers, as ek nog verkondig dat 'n mens besny moet word, waarom word ek dan nog vervolgd? Dan is die kruis as struikelblok mos uit die weg geruim. ¹² Ek wens die mense wat dié verwarring onder julle stig, wou hulleself dan maar heeltemal ontman!

¹³ Julle, broers, **julle is tot vryheid geroep**. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. ¹⁴ Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."²⁸

Lees Heb 10:12-14 (Vry van Sonde)

¹² Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit. ¹³ Nou wag Hy daar totdat sy vyande aan Hom onderwerp is. ¹⁴ Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonderd word, vir altyd volkome **van sonde vry gemaak**.²⁹

Lees Rom 8:17-24 (Vry van die effek van die dood)

¹⁷ En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid. ¹⁸ Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. ¹⁹ Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. ²⁰ Die skepping is immers nog aan verdeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: ²¹ die skepping sal self ook **bevry** word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die **vryheid** te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. ²² Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyn van verwagting. ²³ En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid **bevry**. ²⁴ Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? ²⁵ Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.³⁰

Lees 1 Kor 8:7-13 (Wees 'n getuie deur my vryheid te beperk)

⁷ Maar nie almal het hierdie kennis nie. Daar is party van julle wat so gewoon is aan afgode dat hulle nog altyd vleis eet asof dit 'n offer aan 'n afgod is. Daardeur word hulle gewete, wat reeds swak is, verder beswaar. ⁸ Wat ons eet, bring ons egter nie nader aan God nie. As ons nie eet nie, verloor ons niks nie; en as ons eet, wen ons niks nie. ⁹ Maar pas op dat hierdie **vryheid** van julle nie vir dié wat swak is, 'n aanleiding tot sonde word nie. ¹⁰ As jy wat hierdie kennis het, in 'n afgodstempel gaan eet en iemand met 'n swak gewete sien jou, sal dit hom dan nie aanmoedig om die vleis as afgodsoffer te eet nie? ¹¹ Dan gaan die swakke verlore deur hierdie kennis van jou, en dit 'n broer vir wie Christus gesterf het. ¹² Deur so teen die broers te sondig en 'n las op hulle swak gewetens te lê, sondig julle teen Christus. ¹³ Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se val veroorsaak nie.³¹

Lees 1 Pet 2:13-17 (Onderwerping aan Owerhede bedreig nie my Vryheid nie)

¹³ Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is ¹⁴ of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goed doen, moet prys. ¹⁵ Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat. ¹⁶ Julle is **vry**, maar moenie julle **vryheid** gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Gebruik dit om God te dien. ¹⁷ Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser. ³²

²⁸Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

²⁹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

³⁰Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

³¹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

³²Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

4.5 Vryheid het grense. Hoe lyk die grense van die Vryheid wat jy beoefen?

4.6 Nog voorbeelde van Bybelse vryheid

Ps 18:18-20 (Dawid se getuienis)

¹⁸ Hy het my gered van my vyand wat sterk was, van my haters toe hulle vir my te magtig was. ¹⁹ Die dag toe hulle my aangeval het, was my ondergang naby, maar die Here het my daarvan bewaar. ²⁰ Hy het my in **vryheid** laat uitgaan, my gered omdat Hy my liefhet.³³

Dieselfde woorde kom ook in 2 Sam 22:20 voor.

Ps 111:9 (Dawid se getuienis – God self het vryheid vir Sy volk bewerk)

⁹ Hy het **vryheid** vir Sy volk bewerk, Sy verbond vir altyd ingestel. Sy Naam is heilig, dit wek ontsag.³⁴

Mar 2:23-28 (Jesus se lering)

²³ Eenkeer toe Jesus op 'n sabbatdag tussen gesaaides deur loop, het sy dissipels so in die loop are begin afpluk. ²⁴ Die Fariseërs sê toe vir Hom: “Kyk daar! Waarom doen hulle iets wat nie op die sabbatdag gedoen mag word nie?”

²⁵ Hy sê vir hulle: “Het julle nog nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne nie kos gehad het nie en honger gekry het? ²⁶ Hy het in die tyd van die hoëpriester Abjatar in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet, wat niemand anders as die priesters mag geëet het nie, en ook vir sy manne daarvan gegee.” ²⁷ Jesus het verder vir hulle gesê: “Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. ²⁸ Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat.”³⁵

Die voorbeeld van Dawid dien dan as die agtergrond vir **twee baie belangrike uitsprake**. Eers sê Jesus in **2:27** dat **die sabbat ter wille van die mens** bestaan en nie die mens vir die sabbat nie. Wat hier belangrik is, is dat Jesus 'n heeltemal ander siening oor God huldig as die Fariseërs en skrifgeleerdes. Vir Jesus is God die **Goeie Gewer** wat sy kinders liefhet en sy verordeninge gegee het om die mense te ondersteun, nie te onderdruk nie. Daarom mag die dissipels maar gerus op die sabbat are pluk as hulle honger is. Hierdie beginsel is baie belangrik—ook vir ons as hedendaagse gelowiges. Wat Jesus hier beklemtoon, is **die Christelike vryheid**. Dit geld nie net vir die sabbat/Sondag nie, maar vir al God se verordeninge.

Is daar nie 'n groot gevaar dat gelowiges hulle vryheid **verkeerd kan aanwend** nie? Nie as hulle **2:28** ook in gedagte hou nie! **Dié vers beklemtoon dat Christelike vryheid nie beteken dat elke gelowige maar kan maak net soos hulle wil nie.** Die gesag lê nie binne-in onself nie. Jesus is die Een wat die **finale gesag** het. **Alleen in persoonlike verbondenheid en in gehoorsaamheid aan Hom kan ons ons Christelike vryheid korrek gebruik.**³⁶

³³Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

³⁴Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

³⁵Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

³⁶Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

5. GOD BEMOEDIG - EK BEMOEDIG; AKSIE - REAKSIE

5.1 Hoekom het mense bemoediging nodig?

Die mens is geskep as 'n sosiale wese wat gedy in 'n omgewing van liefde, beskerming en versorging. Ons het medemenses om ons nodig wat die liefdebetoning, beskerming en versorging uitvoer. Dit is menslik om moeg te word, te twyfel, moed te verloor, hoop te verloor en kleingelowig te wees. Dit is veral moeilik wanneer mens alleen en eensaam is. Dit is hoekom die gemeenskap van gelowiges belangrik is. Dit is hoekom sendelinge steungroepe en stuurselle nodig het.

Voorbeeld van kooltjie wat afkoel as hy nie by ander kole in die vuur is nie

5.2 Noem 'n paar sinonieme van bemoediging.

Opbeuring, Ondersteuning, Onderskraging, Motivering, Aanmoediging,

5.3 Beskryf die prosesse van bemoediging in jou eie woorde.

Genadegawe om onselfsugtig en onvoorwaardelik jouself beskikbaar te stel om mense moreel te ondersteun, aan te moedig en waar nodig met hulp te onderskraag.

5.4 Hoe lyk God se prosesse van bemoediging?

1 Sam 23:15-18 (God bemoedig deur gelowige vriende wat omgee)

¹⁵ Toe Dawid besef dat Saul steeds daarop uit is om hom dood te maak, is hy na Goresa toe in die Sifwoestyn. ¹⁶ **Jonatan seun van Saul het toe klaargemaak en na Dawid toe in Goresa gegaan en hom bemoedig in sy vertroue op God.** ¹⁷ Hy het vir hom gesê: “Moenie bang wees nie, want my pa sal jou nie in die hande kry nie. Jy sal koning word oor Israel, en ek sal onder jou staan. Selfs my pa weet dat dit so is.” ¹⁸ Hulle twee het toe 'n verbond voor die Here gesluit.³⁷

Jesaja 35:3-4 (God bemoedig deur profete wat fokus op Hom)

³ **Bemoedig dié wie se hande slap hang, help dié wie se knieë knik,** ⁴ sê vir dié wat moed verloor het: “Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier, Hy kom om wraak te neem, om julle vyande te straf; God kom julle red!”³⁸

Rom 1:11-12 (God bemoedig deur leiers wat geestelike gawes deel)

¹ Ek sien baie daarna uit om julle te besoek, want ek wil 'n **geestelike gawe** aan julle oordra om julle te versterk. ¹² **Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word,** ek deur julle s'n en julle deur myne. ³⁹

³⁷Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

³⁸Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

³⁹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

Rom 12:6-8 (God bemoedig deur gelowiges wat genadegawes gebruik)

⁶ Ons het **genadegawes** wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. ⁷ As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. ⁸ **As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig.** ⁴⁰

2 Kor 1:3-6 (God bemoedig deur gelowiges wat reageer)

³ Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God **wat in elke omstandigheid moed gee.** ⁴ **In elke moeilikheid bemoedig Hy ons.** Daarom kan ons ook **ander bemoedig** wat in allerlei moeilikhede verkeer. **Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig.** ⁵ want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus. ⁶ As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle bemoedig en gered kan word. **As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk,** sodat julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur.⁴¹

In plaas van die verwagte danksegging ná die briefaanhef, kry ons in 2 Korintiërs 'n **lofsegging**. Paulus prys God *as die Vader van ons Here Jesus Christus (1:3)*, gevolg deur die **redes vir die lofprysing (1:4–11)**. God word eers geprys omdat Hy ons bemoedig deur Christus, ook in lyding en teleurstelling (1:4–7). In 1:8–9 noem Paulus die omstandighede in Klein-Asië wat só neerdrukkend was, en in 1:10–11 word nog eens die volle vertroue uitgespreek dat God sal red soos Hy gedoen het in die verlede.

In 1:3 prys Paulus God omdat Hy *Hom ontferm en in elke omstandigheid moed gee*. Dit kan ook die **sentrale tema** van die hele brief genoem word: **God se trou en bemoediging te midde van lyding en moeilikheid**. Sowel Paulus as die Korintiërs het God se troos en bemoediging ondervind in die tye van beproewing en lyding. God se wese is volgens menslike beskrywing goed. Hy deel *genade*, dit is onverdiende goedheid, uit en Hy *gee moed* in elke omstandigheid (vgl Ps 86:5; Jes 51:12; 66:13).

Omdat Paulus God se bemoediging so intens ervaar het in die Korintiese situasie van konflik, kan hy ook **ander bemoedig (1:4–5)**. 'n Mens hoef net in enige nood in iemand se lewe vir hom/haar weer 'n prentjie te teken van die goedheid van God! In nood, dit wil sê in swaarkry, is God die getroue wat bemoedig en help. Ter wille van Christus moes Paulus só baie ly, maar dit is ook Christus wat aan hom bemoediging gegee het.

Paulus het nie al hierdie nood deurgegaan ter wille van enige eie gewin nie maar **ter wille van die gemeente** van God in Korinte (1:6). Sy lyding was die prys vir die verkondiging van verlossing en ter wille van bemoediging van die gemeente. As die gemeente dan ook moet swaarkry, moet hulle ook bemoedig wees deur Christus, net soos Paulus dit self ondervind het. Hulle moet hul lyding net soos hy *met geduld verdra*.

Wanneer die gemeente op hul lewenspad dieselfde soort lyding as Paulus moet deurgaen, kan hulle ook hoop en reken op dieselfde **bemoediging wat Christus bied (1:7)**. Dit beteken nie noodwendig dat die gelowiges gespaar sal word van enige lyding nie maar dat hulle krag en bemoediging in die lyding sal ontvang. God neem nie die lyding weg nie maar bemoedig sy kinders om in en deur die lyding heen te volhard.

Paulus weet waarvan hy praat as hy die gemeente bemoedig om te volhard. In die *provinsie Asië* het hy **baie probleme ervaar (1:8–9)**. Op sy sendingreise was hy in die tronk, is dikwels geslaan, met klippe gegooi, om nie te praat van lyfstraf, skipbreuk en 'n selfopofferende daaglikse bestaan nie (vgl 11:22–28). Die swaarkry was selfs bo sy fisieke vermoëns. Die gevolg daarvan was dat sy lewe dikwels in

⁴⁰Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁴¹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

gevaar was. Hy het op die harde manier geleer om volledig op God te vertrou. Gestroop van eie middele en vermoëns kan 'n mens se hulp net van God af kom. Hy moes leef asof die doods vonnis alreeds oor hom uitgespreek was, soos 'n voëlvryverklaarde ter wille van Jesus Christus! Al die dinge het oor hom gekom om hom te oortuig om *nie op homself te vertrou nie*. Paulus het opnuut **leer vertrou op God wat die dooies opwek tot die lewe**. As God dan die dooies kan opwek, hoeveel te meer sal Hy nie ook dié wat aan Hom behoort uit die greep van gevare en die dood kan verlos nie.

God het Paulus dan uit só 'n **groot doodsgevaar** gered, hoeveel te meer sal Hy nie ook elke gelowige bystaan nie (**1:10**). Die **gebede van die gelowiges** het Paulus “gedra”, by wyse van spreke (1:11). God gee die verlossing en daarvoor moet Hy geprys en gedank word. Die solidariteit tussen Paulus en sy lesers is 'n geloofsverbondenheid aan God wat berus op 'n gemeenskaplike geloof. In hulle gebede word God geprys, gedank en as die seënende God erken.⁴²

God se **beloftes** bemoedig ons. In dié proses sluit Hy aan by my en jou swakhede en behoeftes.

Die volgende Psalms kan gebruik word ter bemoediging in spesifieke situasies:

Wanneer jy verlate en vergete voel : Psalm 10

Wanneer jy wonder wat God van jou verwag; Psalm 15

Wanneer jy voor 'n groot uitdaging te staan kom: Psalm 18:26–35

Wanneer jy wysheid nodig het: Psalm 19:8–12

Wanneer jy bang is: Psalm 23 en 91

Wanneer die voorspoed van die ongelowige jou ontmoedig: Psalm 37

Wanneer jy liggaamlik ly: Psalm 38

Wanneer siekte jou moedeloos maak: Psalm 41

Wanneer jy jou geloof in God wil verloor: Psalm 42

Wanneer dit voel of jou wêreld inmekaar wil tuimel: Psalm 46

Wanneer jy skuldig voel: Psalm 51

Wanneer jy God beter wil leer ken; Psalm 63

Wanneer jy net-net kop bo water hou: Psalm 88

Wanneer jy jou visie op die lewe verloor het: Psalm 90

Wanneer jy oud word: Psalm 91

Wanneer jy herinner moet word aan God se goedheid: Psalm 103

Wanneer jy jou opnuut aan die Here wil toewy: Psalm 116

Wanneer jou gesinsverantwoordelikhede jou wil onder kry: Psalm 127:1

Wanneer jy herinner moet word aan God se genade en liefde: Psalm 136

Wanneer dit voel of God jou vergeet het: Psalm 139

Wanneer jy die Here wil loof en prys: Psalm 145–150

⁴²Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

6. VRUG VAN DIE GEES – LEEF ANDERS AS DIE WÊRELD

6.1 Agtergrond vraag: Wat verstaan jy onder die gedagte “**Vrug van die Gees**”? Is dit vir alle gelowiges bedoel?

Lees Gal 5:5-6 (Geloof word deur die Gees in my gewerk)

⁵ Wat ons betref, **deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur te glo, vrygespreek sal word.** ⁶ In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan.⁴³

Lees Gal 5:16-26 (Lewe beheers deur die Gees van God)

Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. ¹⁷ **Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil,** en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. ¹⁸ Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. ¹⁹ Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, ²⁰ afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, nayswer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, ²¹ afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. ²² **Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, ²³ nederigheid en selfbeheersing.** Teen sulke dinge het die wet niks nie. ²⁴ Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. ²⁵ **Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.** ²⁶ Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.⁴⁴

6.2 Hoekom is daar 'n boodskap van hoop in die beskrywing van Vrug van die Gees?.

Die hoop lê in die feit dat God se Gees vertroostend en versterkend in ons werk.

6.3 Gee 'n eie beskrywing van elk van die 9 vrugte van die Gees.

Liefde (Agapé)

'n emosie wat gebruik word om die onderlinge verhouding tussen mense, maar ook dié tussen die Here en mense, uit te druk.⁴⁵ Dit omvat die wese van ons godsdienste.

⁴³Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁴⁴Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁴⁵Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Verwysingsbybel*, (Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika) 1998.

Vreugde

'n staat van geluk en blydschap, om opgeruimd te wees en jou te verbly, selfs in moeilike omstandighede⁴⁶

Vrede

'n toestand van rus en kalmte in die uiterlike omstandighede en in die gemoed en emosies. ⁴⁷

Geduld

'n rustige gemoedstoestand om iets, wat soms selfs negatief of onaangenaam is, sonder klag of murmurering vir 'n tyd te verdra.⁴⁸

Vriendelikheid

'n eienskap, vermoë en bereidheid om mense onvoorwaardelik te ag, respekvol teenoor hulle op te tree en hulle gemaklik te laat voel.

Goedhartigheid

'n eienskap, vermoë en bereidheid om mense onvoorwaardelik en onselfsugtig te help.

Getrouheid

'n eienskap, vermoë en bereidheid om konsekwent en met integriteit op te tree sodat mense met sekerheid en vertroue op jou kan staatmaak..

Nederigheid

'n eienskap, vermoë en bereidheid om die minste te wees sonder om swak te wees. Dit is net moontlik wanneer Jesus die middelpunt en fokus van my lewe is en die krag van die Heilige Gees in my werk .

Selfbeheersing

'n eienskap, vermoë en bereidheid om voortdurend nee te kan sê en te kies teen sinlike begeertes(sonde).

6.3 Gee 'n antoniem van elk van die 9 vrugte van die Gees.

(Deur die radikale teenpool te verstaan, verstaan ons wat die vrug van die Gees nie is nie)

Liefde (Agapé) – Haat (Haat)

Vreugde – Ongeluk en Hartseer (Naywer en Afgodsdien)

Vrede – Onrus en Stryd (Woede, Rusies en Towery)

Geduld – Ongeduld en Onverdraagsaamheid (Skeuring)

Vriendelikheid – Onvriendelikheid, Minagting en Disrespek (Vyandskap)

Goedhartigheid – Hartvogtigheid en Selfsugtigheid (Afguns)

Getrouheid – Ontrouheid en Dislojaliteit (Verdeeldheid)

Nederigheid – Hoogmoedigheid en Verwaandheid (Uitspattigheid)

Selfbeheersing – Ruggraadlose Toegeeflikheid (Onsedelikheid, Onreinheid, Losbandigheid en Dronkenskap)

Lees nou weer Gal 5:18-21:(Stel die praktyke van die sondige natuur teenoor die vrugte van die Gees)

¹⁷ Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. ¹⁸ Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. ¹⁹ Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, ²⁰ afgodsdien, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, ²¹ afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

6.4 Hoe verskil gawes van die Gees van die vrug van die Gees?.

46Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Verwysingsbybel*, (Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika) 1998.

47Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Verwysingsbybel*, (Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika) 1998.

48Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Verwysingsbybel*, (Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika) 1998.

Lees Gal 5:24-25 Vrug van die Gees

²⁴ Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. ²⁵ Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

Die hoop lê in die feit dat **elke gelowige** op grond van geloof in Jesus vrygespreek word van die werking van die sondige natuur en sodoende onder beheer van die Heilige Gees lewe. Die Heilige Gees werk in **alle gelowiges** se lewens sodat die goeie menslike eienskappe (vrug van die Gees) ons gedrag bepaal. Gelowiges leef anders as die wêreld en word aan hierdie eienskappe uitgeken. Die **vrug van die Gees** verteenwoordig die **aard van Jesus Christus**. Gelowiges moet meer soos Jesus word

Lees 1Kor 12:1-11 Gawes van die Gees

Wat **die gawes van die Gees** betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees. ² Julle weet dat, toe julle nog heidene was, julle blindelings na die stom afgode meegevoer is. ³ Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: “Vervloek is Jesus”, nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: “Jesus is die Here” nie, behalwe deur die Heilige Gees. ⁴ Daar is ’n verskeidenheid van **genadegawes**, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee; ⁵ daar is ’n verskeidenheid van **bedieninge**, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee; ⁶ daar is ’n verskeidenheid van **kragtige werkinge**, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring. ⁷ **Aan elkeen afsonderlik word ’n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.** ⁸ Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om ’n woord van **wysheid** te praat, aan ’n ander ’n woord van **kennis** deur dieselfde Gees; ⁹ aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan ’n ander genadegawes van **gesondmaking** deur die één Gees. ¹⁰ Aan die een gee Hy die **krag om wonders te doen**, aan ’n ander die gawe om te **profeteer**, en aan nog ’n ander die gawe om tussen die geeste **te onderskei**. Aan nog een gee Hy die gawe om **ongewone tale of klanke** te gebruik en aan ’n ander om dit uit te lê. ¹¹ Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat **aan elkeen afsonderlik ’n gawe uitdeel soos Hy wil.**⁴⁹

Die **gawes van die Gees** verteenwoordig die **werking van Jesus Christus**. Gelowiges funksioneer as afsonderlike lede van ’n liggaam tot voordeel van almal .

⁴⁹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

7. VERSOEKING EN BEPROEWING – GROEI GELEENTHEID

7.1 Agtergrond vraag: Wat verstaan jy onder die gedagtes “versoeking” en “beproeving”?

Lees Jak 1:2-4 (Beproeving bewerk groei in geloof)

² My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, ³ want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. ⁴ En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.⁵⁰

Beproewings is toetse wat God toelaat in gelowiges se lewens om ons geloof te versterk en te suiwer. Beproewings bring ons nader aan God.

Lees Jak 1:13-14 (Versoeking ondermyn geloof)

¹³ Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. ¹⁴ Maar ’n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep.⁵¹

Versoekings is sondige begeertes wat gelowigs van God weglok. Versoekings stoot ons weg van God want waar sonde is, is God nie.

7.2 Waarin lê die boodskap van hoop in verband met beproewings?

God se Woord verduidelik hoe gelowiges lyding en beproewing moet verstaan. God laat beproewings toe om ons geloof te suiwer en te versterk. Dit bevestig God se vormende werking in my lewe. Dit gee vir gelowiges ’n geleentheid om te groei in geloof met die ondersteunende belofte dat ons nie bo ons krag versoek sal word nie. Die hoop bestaan dat die beproewing sal eindig en dat ek as gelowige beter af sal wees daarna.

7.3 Wat sê ander bybelfigure ivm beproewing?

Job 7:11, 16-19. 42:1-6

(Job – Aanvanklik verstaan mens nie beproewing nie en dit lei soms tot worsteling met God)

¹¹ “Nee, ek kan nie stilbly nie, **in my beproewing wil ek praat, in my bitter lyding wil ek kla.**⁵²

¹⁶ Ek wil nie meer nie, ek sal tog nie vir altyd lewe nie; laat my staan; my lewe is niks meer werd nie.

¹⁷ “Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom so op die hart dra, ¹⁸ dat U hom van dag tot dag toets, hom van oomblik tot oomblik op die proef stel? ¹⁹ **Wil U nie van my af wegkyk en my ’n oomblikkie laat asem skep nie?**⁵³

Daarna het Job vir die Here gesê: ² “Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. ³ Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? **Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie.** ⁴ U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. ⁵ Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, ⁶ en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as.”⁵⁴

⁵⁰Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁵¹Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁵²Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁵³Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁵⁴Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

Dit lyk aanvanklik soos 'n worsteling met God waarin hy 'n blaaskans vra. Eindig met versterkte geloof en ken sy plek voor God." Lees die boek *Wanneer God nie sin maak nie*"

Klaagl 3:24-33

(Jeremia - God laat beproewing toe maar die hoop lê in die feit dat dit nie vir altyd aanhou nie)

²⁴ Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom. ²⁵ Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra; ²⁶ dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here; ²⁷ dit is goed vir 'n mens om sy las in sy jeug te dra. ²⁸ Laat hy in sy eensaamheid geduldig bly as God hom die las opgelê het, ²⁹ laat hy hom diep verootmoedig-miskien is daar hoop- ³⁰ laat hy sy wang draai vir wie hom slaan, laat hy maar oorvloedig smaad ondervind. ³¹ Die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie; ³² as Hy beproewing oor 'n mens gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot: ³³ dit is teen Sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring. 55

Klaagliedere bring veral 'n boodskap van hoop. Dié hoop is dan juis gesetel in die feit dat die Here die Lewende, die Sprekende en die Handelende Een is. Hy doen wat nodig is. Daarom kon hulle bly hoop dat Hy weer in die toekoms anders sal optree.⁵⁶ Dit stem ooreen met die gedagte dat God nie sal toelaat dat jy bo jou kragte getoets sal word nie.

Mark 9:43-49

(Markus – God verwag dat gelowiges kies teen sonde - verwag om getoets te word)

⁴³ "As jou hand jou laat sonde doen, kap hom af. ⁴⁴ Dit sal vir jou beter wees om in die ewige lewe in te gaan sonder 'n hand as om met twee hande en al in die hel in die vuur gegooi te word wat nooit geblus kan word nie. ⁴⁵ En as jou voet jou laat sonde doen, kap hom af. ⁴⁶ Dit sal vir jou beter wees om die ewige lewe in te gaan sonder 'n voet as om met twee voete en al in die hel gegooi te word. ⁴⁷ Selfs as dit jou oog is wat jou laat sonde doen, ruk hom uit. Want dit sal vir jou beter wees om in die koninkryk van God in te gaan met net een oog as om met twee oë en al in die hel gegooi te word. ⁴⁸ Daar sal die wurms wat aan hulle vreet nooit doodgaan nie en die vuur sal nooit uitgeblus kan word nie. ⁴⁹ Want elkeen sal deur vuur getoets word.⁵⁷

Die vuur waarvan Jesus hier praat, verwys nie na die hel waarvan Hy so pas gepraat het nie, maar na lyding waardeur die gelowige gelouter word. Gelowiges moet verwag om swaar te kry ter wille van Jesus en die evangelie. Dit het egter ook iets goeds tot gevolg. Letterlik staan daar dat die gelowige op dié manier gesout word, dws smaak kry, en so vir God aangenaam word.⁵⁸

Markus sê dat beproewings gelowiges help om radikaal teen sonde te kies(kap af) en sodoende gesuiwer te word. Gelowiges moet verwag om hierin getoets te word. Hoop lê in die feit dat Jesus ons leer en help om sonde daaglik te hanteer. Hy het met Sy bloed vir my sonde betaal. Nou kan ek nie voortgaan en moedswillig sondig nie.

2Kor 1:5-6

(Paulus – Gelowiges ervaar lyding - God gee ons krag en versorg ons in die proses van beproewing)

⁵ Dit is wel waar dat ons baie swaar kry omdat ons aan Christus behoort, maar kyk hoe wonderlik troos en versterk Hy ons nie! ⁶ En dit is alles tot julle voordeel. Want as ons swaar kry, is dit ter wille van julle—om julle te help en te red. En as Christus ons troos en versterk, dan help dit julle ook om standvastig te bly, want julle ly ook net soos ons. ⁵⁹

Paulus het nie al hierdie nood deurgegaan ter wille van enige eie gewin nie maar ter wille van die gemeente van God in Korinte (1:6). Sy lyding was die prys vir die verkondiging van verlossing en ter wille van bemoediging van die gemeente. As die gemeente dan ook moet swaarkry, moet hulle ook bemoedig wees deur Christus, net soos Paulus dit self ondervind het. Hulle moet hul lyding net soos hy met geduld verdra.⁶⁰

⁵⁵ Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁵⁶ Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

⁵⁷ *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

⁵⁸ Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

⁵⁹ *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

⁶⁰ Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

Op 2:10

(Johannes – Gelowiges ervaar lyding - God bemoedig ons om getrou te bly in die proses van beproewing)

¹⁰Moenie bang wees vir die lyding wat nog vir julle voorlê nie. Die duiwel sal party van julle in die tronk laat gooi en dit sal 'n toets wees vir julle geloof. Julle sal tien dae lank vervolg word. **Bly getrou aan My tot in die dood toe, dan sal Ek julle die lewe gee, en dit sal julle kroon wees.**⁶¹

7.4 Wat sê ander bybelfigure ivm versoeking?

2 Pet 2:9-10

(Petrus – God kan ons red uit versoeking)

⁹Net so **kan die Here vandag nog die wat Hom dien uit die versoekings red**, maar die wat aan Hom ongehoorsaam is, hou Hy onder straf tot die dag wanneer Hy hulle sal oordeel. ¹⁰Hy sal veral optree teen die wat toegee aan hulle sondige drange en elke vuil gedagte wat by hulle opkom. ⁶²

Matt 6:13; Luk 11:4

(Mattheus en Lukas leer ons bid)

¹³Laat ons nie in die versoeking kom nie, en **beskerm ons teen die duiwel.**⁶³

⁴Vergewe ons sonde, want ons vergewe ook ander mense wat iets verkeerd teen ons gedoen het. Laat ons nie in die versoeking kom nie.⁶⁴

Jak 1:13-15

(Jakobus – Versoeking kom nie van God nie)

¹³As 'n mens in die versoeking kom om sonde te doen, mag jy nooit sê: “Dit is God wat my in die versoeking bring” nie. Want **God kan self nie in die versoeking kom om iets verkeerd te doen nie en Hy sal ook nooit iemand in die versoeking bring om sonde te doen nie.**¹⁴Dit is 'n mens se eie verkeerde begeertes wat jou saamsleep en jou vasvang, en so kom jy in die versoeking. ¹⁵Die verkeerde begeerte loop uit op sonde, en as die sonde sy gang gegaan het, loop dit uit op die dood.⁶⁵

Luk 4:2

(Lukas – Jesus stel die voorbeeld)

²Daar het die duiwel veertig dae lank probeer om Hom in die versoeking te bring om iets verkeerd te doen⁶⁶

1 Kor 10:13

(Paulus – Bevestig dat ons nie bo ons kragte versoek sal word nie)

¹²Oppas dan. Al dink iemand hy staan so sterk dat hy nooit aan versoeking sal toegee nie, kan hy ook in die sonde val. ¹³Die versoekings wat julle teëgekome het, is nie anders as die wat ander mense ook ondervind nie. Maar God sal doen wat Hy belooft het. **Hy sal sorg dat die versoeking nie so sterk word dat julle nie daarvoor kan “nee” sê nie. As die versoeking kom, sal Hy julle wys hoe om daarvan los te kom en Hy sal julle krag gee om dit te verdra.**

⁶⁷

7.5 Boodskap van hoop in versoeking:

Sê in jou eie woorde wat die boodskap van hoop in versoeking is?

- Alle gelowiges ervaar versoeking – stryd met die duiwel en eie sondige begeertes. Ons weet egter Jesus het oorwin. Hy laat nie toe dat gelowiges bo hul kragte versoek word nie.*
- Ons oorwinning lê in Jesus. Bid vir beskerming. Kies teen sonde. Breek met sonde.*

61, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

62, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

63, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

64, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

65, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

66, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

67, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

8. GOD VERSORG SY KINDERS – ONTVANG EN GEE BLYMOEDIG

8.1 Agtergrondvraag: Hoe lyk my behoeftes? Oor hoeveel van die behoeftes het ek beheer? Sorg God vir al die behoeftes?

God het die mens geskep met 'n verskeidenheid van behoeftes. Maslow se behoefte hierargie is welbekend en is 'n poging om die verskeidenheid van behoeftes te beskryf en orden. Die **ERG** teorie is 'n verdere uitbreiding en integrasie van die Maslow teorie en kan soos volg beskryf word:



Sonder Jesus in 'n mens se lewe is die fokus op die selfsugtige eie “ek” en word oa rykdom, kennis en mag nagestrew. Min mense op aarde bereik hulle volle potensiaal en min bereik die boonste vlakke van die wêreldse behoefte hierargie. Met Jesus in 'n mens se lewe is jy tevrede om te lewe met die fokus op God en om jou volle potensiaal binne God se wil vir jou lewe te ontwikkel. Dit is soveel makliker om nie in jou eie krag dit te probeer nie. God sorg volledig op alle behoeftevlakke van die mens.

Mat 6:31-33:

³¹ “Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie. ³² Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. ³³ Nee, **beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.**

8.2 Hoe beleef jy God se fisiese versorging in die praktyk? Hoe sorg God?

Wanneer dit goed gaan met ons moet ons ook God se versorging raak sien en aan Hom die eer daarvoor gee.

Wanneer mens so siek word dat die mediese fonds uitgeput raak, het ek nog hoop? Wanneer mens so siek word dat die dokters nie meer kan help nie, het ek nog hoop? Wanneer ek my werk verloor en die normale deure vir my toe bly, het ek nog hoop? Wanneer my veiligheid deur misdaad, onluste of oorlog vernietig word, het ek nog hoop? As dit nie reën nie en my oes is besig om te verdroog en die beeste het nie meer weiding nie, het ek nog hoop?

Wanneer dit swaar gaan is mens geneig om te twyfel in geloof en raak mens benoud oor waar die basiese behoeftes vandaan gaan kom. Mens is bang om jou medemens se respek en jou waardigheid te verloor en daarom vra ons nie maklik hulp nie. Die wêreld meet sukses aan materiële welvaart en verag maklik “verloorders”. Party mense gee moed op en wend hulle tot drank en dwelms wat net tot verdere aftakeling en ellende lei. Die hoop is by Jesus en mense het nodig om die groter prentjie van God se versorging raak te sien. Weet en glo daar is geen situasie wat te groot is vir God om op te los nie.

Die orde in die skepping en die energie wat in die hulpbronne op aarde beskikbaar is, is genoegsaam om die volle skepping te versorg. (As al die geld in die wêreld onder die 6 biljoen mense op aarde verdeel word sal elke mens R12 miljoen kry) God laat die mens toe om die verspreiding en verdeling van die hulpbronne binne perke te beheer. Verskillende menslike stelsels beheer hierdie verdeling en dit bepaal 'n groot deel van die aardse ruimte waarin ons leef.

Lug, water, sanitasie, omgewings temperatuur, veiligheid, vervoer, energie en mediese infrastruktuur behoeftes word nie deur individue bepaal nie, God sorg vir hierdie behoeftes deur Sy skepping en deur mense. 'n Groot deel van ons basiese behoeftes is dus reeds aangespreek.

Die voorsiening van behoeftes aan werk, kos, klere en skooling is grootliks in individue se beheer. Dit is ook hierdie basiese fisiese behoeftes wat relatief maklik deur die gemeenskap van gelowiges aangespreek kan word.

Die emosionele en sosiale verhoudings behoeftes asook die selfverwesentlikings behoeftes bly primêr elke persoon se eie verantwoordelikheid. Hierdie behoeftes word grootliks deur ons geloof gerig. (Mat 6:31-33) Moet nie toelaat dat die sorg van die lewe ons fokus op Jesus laat verloor nie.

Hoe sorg God?

-
-
- a) God ag die mens waardig om oor die skepping te heers. Hy hou die skepping instand
 - b) God versorg gelowiges as groepe. (Families, gemeentes, stede, volke, lande/nasies)
 - c) God versorg die mens as individu. (Direk in verbinding met die kroon van Sy skepping)
 - d) God versorg gelowiges deur gelowiges
 - e) God versorg gelowiges deur ongelowiges

8.3 Wat sê die Bybel?

God ag die mens waardig om oor die skepping te heers. Hy hou die skepping instand.

Gen 1:26-28 ²⁶Toe het God gesê: “Kom Ons maak mense wat soos Ons lyk. Hulle moet dan mag hê oor die hele aarde en oor al hierdie dinge—die visse en die voëls, die diere en ook al die soorte kleiner diertjies.” ²⁷So het God dan mense geskape—manlik en vroulik—en hulle na sy ewebeeld gemaak. ²⁸Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Julle moet meer word sodat daar orals op die aarde mense kan wees wat die aarde beheer.”⁶⁸

Ps 8:4-10 ⁴As ek opkyk na die hemel wat U self gemaak het, en sien hoe U die maan en sterre gerangskik het, dan dink ek: ⁵hoe kan 'n mens dit ooit werd wees dat U aan hom dink? En waarom sou U vir hom sorg? ⁶U het hom 'n byna Goddelike wese gemaak en gee hom die eer en majesteit van 'n koning. ⁷U laat hom heers oor die dinge wat U gemaak het en gee hom seggenskap oor alles. ⁸oor skape en beeste en selfs oor wilde diere, ⁹en ook oor die voëls en die visse en alles wat in die see beweeg. ¹⁰Here, U is ons koning; en U gesag strek oor die hele aarde.⁶⁹

⁶⁸, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

⁶⁹, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

Elke mens is vir God iets anders. Elkeen, hoe min geag, hoe swak, hoe sondig, hoe dom, hoe onwaardig, is 'n afbeelding van God. Die mens is nog meer. Jy as mens het koninklike status in God se oë, en is beklee met waardigheid, gesag, verantwoordelikheid, 'n bietjie minder as 'n hemelse wese (Ps 8:6). Jy is vir God van soveel waarde dat Hy 'n prys betaal om jou weer heel te maak.

Tussen mense is daar dus geen statusverskille nie—ook nie tussen 'n man en 'n vrou nie. Daarom die nadruk: man en vrou het Hy hulle geskape. Die man mag homself nie bo die vrou verhef nie en die vrou hoef haarself nie as minderwaardig te beskou nie. Of jy man of vrou is, jy is só **koninklik waardig** dat God gesag en verantwoordelikhede aan jou toevertrou. Dit begin deur jouself as waardig raak te sien, en om alle ander mense as menswaardig te erken en te behandel.

Maar jy is ook heerser in God se plek, sy verteenwoordiger. Hoe gering jy ook al mag wees, as jy mens is, het God bepaalde **magte aan jou toevertrou**. Jy mag besluite neem oor jouself, oor ander mense, oor God se skepping. Hierdie gesag gaan egter ook met **verantwoordelikheid** gepaard. Ons het die opdrag om te heers, maar heers beteken nie uitbuit, opgebruik, misbruik nie. Heers beteken om te bestuur, met oorleg te gebruik, te bou, te beskerm en te bewaar. Die verantwoordelikheid om die natuur te bewaar is nie 'n humanistiese opvatting nie, maar 'n Bybelse eis.⁷⁰

God versorg gelowiges as groepe. (Families, gemeentes, stede, volke, lande/nasies)

Families: Jakob en sy seuns tydens droogte trek na Egipte – Josef in beheer

Gemeentes: Korinthe, Efese, Kolosse

Stede: Ninive (Job), Jerusalem (Nehemia)

Volke: Jode in woestyn (Moses)

Lande/Nasies: Israel

Gen 18:23-26 ²³Abraham kom toe nader en vra vir Hom: “Gaan U werklik die onskuldige mense saam met die skuldiges vernietig? ²⁴Sê nou maar daar is vyftig mense in daardie stad wat nie skuldig is nie. Sal U dan nog die stad en al sy mense vernietig? Sal U nie in so 'n geval die stad spaar omdat daar vyftig onskuldige mense in is nie? ²⁵Sal U die onskuldige mense saam met die skuldiges vernietig? U sal tog nie so iets doen nie, want dan behandel U die skuldiges en die onskuldiges eners. U is die Regter oor die hele aarde, en u oordeel is regverdig. U sal tog nooit so iets wil doen nie!”

²⁶Die Here antwoord hom: “As Ek in Sodom vyftig mense kry wat nie skuldig is nie, sal Ek ter wille van hulle die hele stad spaar.” ⁷¹

Joh 6:30-31 ³⁰Hierop sê hulle toe: “Watter ander wonderwerk kan u doen om u mag te bewys? As ons so iets sien, sal ons in u glo. Gaan u vir ons iets gee ³¹soos die manna wat ons voorouers destyds in die woestyn geëet het? In die Skrif staan daar geskrywe: ‘Hy het vir hulle brood uit die hemel gegee om te eet!’ ” ⁷²

Heb 3:16-19 ¹⁶Wie was dit wat God se stem gehoor het maar teen Hom gerebelleer het? Dit was die hele volk wat deur Moses uit Egipte uitgelei is. ¹⁷En vir wie was God veertig jaar lank kwaad? Dit is daardie mense wat teen God sonde gedoen het en in die woestyn gesterf het. ¹⁸Oor wie het God 'n eed gesweer dat hulle nie sou ingaan in die rusplek wat Hy klaargemaak het nie? Dit was die ongehoorsames. ¹⁹Die rede waarom hulle nie kon ingaan nie, is duidelik—hulle het nie op God vertrou nie⁷³

Die reis deur die wildernis dui op God se daaglikse versorging van sy volk. Hierdie onderhouding hou nie net verband met die skouspelagtige redding by die Rietsee nie, maar sluit ook die beskikbaarstelling van elke dag se kos en water in. Die onderhouding van die sabbat verkry in hierdie omstandighede nuwe betekenis omdat dit soveel vertrou op die voortgesette versorging van God plaas. Die Christene van die Nuwe Testament het die

⁷⁰Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

⁷¹, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

⁷², *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

⁷³, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

versorging in die woestyn op hulleself van toepassing gemaak, hoewel in 'n ander gedaante (bv Joh 6:30–31; Heb 3:16–19.)⁷⁴

God versorg die mens as individu. (Direk in verbinding met die kroon van Sy skepping)

Gen 15:2 'n Ruk later het die Here met Abram in 'n visioen gepraat: “Abram,” het Hy gesê, “jy hoef nie bang te wees nie. Dit is Ek wat jou beskerm en Ek sal jou 'n baie groot beloning gee.”⁷⁵

1Kon17:17–24. Die vrou het Elia, as *man van God*, daarvan verdink dat hy die oordeel van God in haar huis ingebring het. Die dood van haar kind was vir haar 'n **ramp** en vir Elia 'n groot **verleentheid**. Hy stry nie met haar nie, maar neem die kind weg. Sy gebed klink egter 'n bietjie na 'n verwyd as hy vir God vra: ... *wil U nou ... 'n ramp bring ... ?*

Die vrou doen 'n ding wat ons maar alte maklik ook doen. Nadat sy die Here se versorging en oorvloed beleef het, ervaar sy die eerste teenspoed as straf of 'n oordeel wat Hy gevel het. Sy kon haar skaars voorstel dat dit net 'n volgende geleentheid sou wees waar God sy liefde en mag sou betoon. Ons beeld van God is dikwels só dat ons teenspoed as sy werk sien, maar die baie seëninge as vanselfsprekend aanvaar.

Die handeling van Elia om hom oor die kind uit te strek, vind ons ook by Elisa (2 Kon 4:34–35) en Paulus (Hand 20:10). Die skrywer sluit enige magiese interpretasie uit deurdat Elia terselfdertyd bid: ... laat die lewe tog terugkom in die kind. Die resultaat is dat die kind lewend word. Vir Elia is dit 'n teken dat God werklik mag het oor lewe en dood. Selfs belangriker is miskien sy besef dat God die gelowige se gebed verhoor. Die vrou reageer met 'n onverbloemde geloofsbelydenis⁷⁶

God versorg gelowiges **deur gelowiges.**

2 Kronieke 31:2–21

31:2–10 Israel moes ook nog 'n ander faset van menswees en gelowig wees ontdek. En dit was wedersydse versorging. Gelowiges moes **vir mekaar omgee**. Hierdie versorging word aangrypend in die boek **Deuteronomium** beskryf. Ons noem net 'n paar **voorbeelde**: As 'n slaaf na ses jaar vrygestel word, moes sy baas hom help om 'n nuwe begin te maak (Deut 15:12–18); pas getroudes, verloofdes en banges moes nie onmiddellik militêre diens verrig nie (Deut 20:5–8); handelaars moes nooit iemand kul nie (Deut 25:13–16); weduwees, weeskinders en vreemdelinge moes nooit gebrek ly nie (Deut 26:12–19). Volgens die boek Amos het Israel nie meer vir mekaar omgee nie en daarom het die Noordryk in 722 vC geval.

31:2–4 Hiskia wou vir die paasgangers dieselfde sê. **Hulle moes vir mekaar omgee**. Baie is reeds van offers, dankbaarheid en lofsange gemaak, maar **versorging** was net so belangrik. In hierdie gedeelte word die aandag op die priesters en die Leviete toegespits. Hulle moes voltyds **die Woord bestudeer** (die wet van die Here) om die gelowiges te lei. Daarvoor moes die nodige voorsiening gemaak word. Die gelowiges moes sorg vir die onderhoud van die priesters en die Leviete, sodat die hulle aandag kon gee aan die uitleg van die wet van die Here.

31:5–10 So 'n **offer het iets van elke Judeër gevra**. Hulle moes gawes gee wat elders gebruik kon word. Uiteraard het dit met groot opoffering en moeite gepaardgegaan. Hulle het egter van die eerste opbrengste van die oes, asook die tiendes van alles, in groot hoeveelhede gebring. Met oorgawe is daar gegee. Daar was hope en hope goed, meer as genoeg. Daar was egter ook 'n ander aspek: hulle moes volhard. Niemand kan versorg word indien daar nie 'n **konstante stroom geld** inkom nie. Volgens die Kronis het die offergawes, die tiendes en die gewyde gawes getrou ingekom (31:12).

Ons gereelde **dankoffers** en talle ander bydraes kom dus van ver af. Gawes is nodig want daarsonder kan mense ly. Elke gawe vra iets van ons. Soms moet ons ook ly en seerkry om ander te help, maar daarin lê groot vreugde.

31:11–13 Alles moes **goed geadministreer** word (1 Kron 15:22). Soveel goeie projekte gaan vanweë 'n gebrek aan goeie organiseerders en administrateurs verlore. Eers het Hiskia die nodige ruimte vir die offers geskep. Kamers is by die tempel aangebou om die massa goed (vgl 31:10) te kon hanteer. Toe het hy **bekwame toesighouers** aangestel. Kenanja, die Leviet, en ander amptenare moes alles streng beveilig. Hierdie skatkamers was die hartslagaar van die ryk en die tempel. Vanweë die Leviete se goeie naam as harde en pligsgetroue werkers (29:34; 30:22) het hulle sekerlik hierdie taak ook met groot toewyding en deeglikheid uitgevoer.

⁷⁴Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

⁷⁵, *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

⁷⁶Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

31:14–21 Nog 'n Leviet, Kore seun van Jimna, moes toesien dat alle **gawes** op 'n billike wyse **uitgedeel** word. Hierdie taak is met besondere noukeurigheid uitgevoer. Kinders en volwassenes, al die priesters met al hul afhanklikes (die vrouens, die seuns en die dogters van die hele tempelgemeenskap) is **in 'n register opgeteken** (31:17). Selfs die priesters en die Leviete wat in die weivelde buite die stad die offerdiere moes versorg, is in die register opgeneem sodat elkeen sy deel sou kry.⁷⁷

Mat 6:1-4 en 25 – 33: “Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.² “As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg.³ Nee, **as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie,**⁴ sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”⁷⁸ (*Is my motiewe suiwer wanneer ek hulp verleen?*)

²⁵ “Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?²⁶ Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?²⁷ Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng?²⁸ En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie.²⁹ Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie.³⁰ As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?³¹ “**Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie.**³² Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.³³ Nee, **beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.**⁷⁹

God versorg gelowiges **deur ongelowiges.**

Lees weer die lewens verhale van Josef, Moses, Nehemia, Esther, Daniel, Jesus (Wyse manne uit die ooste).

8.3 Hoekom voel dit soms of God nie omgee nie?

God is altyd dieselfde. Hy bly getrou en versorg volledig. Daar kom egter versoekings en beproewings oor gelowiges se pad wat ons fokus van Jesus afhaal en veroorsaak dat ons op eie krag staat maak. Dit kan dan voel of God ons verlaat het. Dit is ook die geval as my behoeftes selfsugtig is en nie in God se wil vir my lewe is nie.

8.4 Hoekom is voorspoed teologie verkeerd?

Voorspoed verwagting verskuif die fokus na myself.

*In plaas daarvan om hulle te bekommer oor hulle lewe en hulle lewenstandaard, moet hulle hulle **beywer vir God se koninkryk.** Dit beteken dat jy al jou energie moet gebruik om te sorg dat jy só lewe dat ander kan sien dat jy God as Koning erken. Dan hoef jy nie bekommerd te wees nie, want die Koning van die koninkryk sal vir jou sorg! **God se sorg** beteken nie dat jou lewe nooit bedreig gaan word of dat rykdom en 'n hoë lewenstandaard vir jou verseker is nie. Dit beteken eerder dat jy nie kosbare energie moet mors om jou daaroor te bekommer nie. Gebruik wel die insig wat God jou gee om*

⁷⁷Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

⁷⁸*Die Bybel Nuwe Vertaling*, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁷⁹*Die Bybel Nuwe Vertaling*, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

die nodige maatreëls te tref om jou lewe te beskerm en jou lewenstandaard te handhaaf of te verbeter. Los dit dan **in God se hande** en sorg dat jy jou lewe inrig soos wat Hy dit wil hê.⁸⁰

8.5 Hoe lyk my bereidheid om te ontvang?

Laat ek God toe om vir my te sorg of staan my trots in die pad? Onthou jy is waardig geag deur God om vir Sy skepping te sorg. Ag jousef waardig om Sy versorging te aanvaar. Daar is hoop dat Jesus sal versorg omdat ek bereid is om die hulp gelowig en dankbaar te aanvaar.

8.6 Hoe lyk my bereidheid om te gee?

2 Kor 9:6-15: Paulus se: Ek gaan nie aan julle voorskryf hoeveel julle moet gee nie, maar ek gee wel vir julle die volgende riglyn:
'n Boer wat min plant, kry 'n klein oes, en 'n boer wat baie plant, kry 'n groot oes.

Ek sê dit nie om julle te forseer om baie geld te gee nie. Ek sê maar wat vir God belangrik is. Gaan besluit nou self hoeveel elkeen van julle wil bydra. Moenie 'n klomp geld gee en dan na die tyd daaroor spyt kry nie. Moet ook nie verplig voel om te gee nie. Onthou: **God is lief vir mense wat hulle geld met blydschap aan ander uitdeel.**

God is groot en sterk. Al die mag in die hemel en op die aarde behoort aan Hom. Maar die wonderlikste is dat Hy julle in sy goedheid laat deel. Hy hou dit nie net vir Homself nie. Eintlik oorlaai Hy julle met sy genade. Kyk net: julle het altyd genoeg van alles. Daar is elke dag genoeg kos op julle tafels en oorgenoeg klere in julle kaste. Julle hoef ook nie julle sente twee maal om te draai nie. God sorg dat julle genoeg geld en besittings het. Daarom kan julle ander mense help wat swaarkry, en sommer ruimskoots ook. Julle hoef regtig nie suinig te wees wanneer dit by sulke hulp kom nie. Hoor 'n bietjie wat een van die psalms sê:

“Iemand wat God liefhet, klou nie krampagtig aan sy besittings vas nie. Hy deel dit met die armes. Hy hou nooit op om goed te doen nie.”

God is baie goed vir ons almal. Hy sorg dat daar elke jaar goeie oeste op die lande is en dat daar altyd genoeg brood op ons tafels is sodat ons nie honger ly nie. God sorg ook dat julle altyd genoeg geld het om aan ander mense uit te deel.

Kom ek sê vir julle hoe julle moet maak. Beskou die geld wat julle aan ander mense gee as saad wat julle in God se landerye plant. God sal dan van sy kant af sorg dat julle geld 'n groot oes oplewer. So sal ander mense én julle nog meer van die Here se goedheid beleef.

God het julle genoeg gegee om van te lewe sodat julle weer ander mense met julle geld kan dien. En wanneer dit gebeur, sal ek die eerste persoon wees om vir God dankie te sê vir julle toewyding, want dan het die goeie nuus regtig in julle lewe wortel geskiet. Dan lewer daardie saad wat julle gesaai het, 'n groot oes op!⁸¹

⁸⁰Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.
⁸¹Jan van der Watt & Stephan Joubert, *Die Boodskap - Met Psalms en Spreuke*, (Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

9. WEDERKOMS – BELOFTE EN VERWAGTING

9.1 Agtergrondvraag: Sien jy uit na Jesus se wederkoms en hoekom is daar hoop in jou verwagting?

Dink daaraan dat die wederkoms van Jesus die oorgang is van die tydelike onvolmaakte lewe na die ewige volmaakte lewe by God. Dit is 'n wonderlike vooruitsig en bevat beslis 'n boodskap van hoop vir 'n baie beter toekoms sonder die gebreke van die huidige lewe op aarde.

9.2 Weet ons **hoe** Jesus weer gaan kom? Weet ons **wanneer** Jesus weer gaan kom?

9.2.1 Hoe?

Hand: 1:10-11:

¹⁰ Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan.

¹¹ Dié sê toe vir hulle: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, **sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.**”⁸²

Openb 1:7

⁷ Kyk, **Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien,** ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker!⁸³

Mat 24: 27

²⁷ Die koms van die Seun van die mens sal wees **soos 'n weerligstraal wat in die ooste uitslaan en die hele lugruim tot in die weste verlig.**⁸⁴

Mat 24:29-31

²⁹ “Kort na die verdrukking van daardie tyd sal die son verduister word, en die maan sal nie skyn nie; die sterre sal uit die ruimte val, en **die kragte van die hemelruim sal ontwrig word.**³⁰ Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit.³¹ Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af.”⁸⁵

*Wat word met die teken van die Seun van die mens bedoel? Daar is **twee denkrigtings**. Die **eerste** sê dat hierdie teken **sáámval** met die koms van die Seun van die mens. **Sy koms is die teken**. Die frase: van die Seun van die mens is dus net 'n verdere verduideliking van die teken (24:30). Dit sou inpas by 24:27, waar sy koms met 'n weerligstraal vergelyk word. Watter ander teken kan dan nog nodig wees? Dit sou ook die gedagte bevestig dat die tydstip van die Seun se koms nie bereken kan word nie. Die **tweede denkrigting** steun sterker op die Ou-Testamentiese agtergrond, veral Jesaja 49:22–23. Dit lui dat die Here sy **vaandel** (oorlogsimbool) onder die volke sal opsteek voordat Hy die volke oordeel en reg laat geskied aan sy eiendom. Die ooreenkoms met Matteus 24:29–31 is treffend. “Teken” kan ook met “vaandel” vertaal word. Die vaandel van die Seun van die mens sal die nasies laat skrik (vgl Op 1:7), asook die teken wees vir die versameling van die uitverkorenes (24:31; vgl Deut 30:4; Matt 13:41).⁸⁶*

⁸²Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁸³Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁸⁴Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁸⁵Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁸⁶Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

9.2.2 Wanneer?

Mat 24:36

³⁶ “Maar **niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie**, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit. ⁸⁷

Mark 13:7-10

⁷ Moenie bang wees as daar **oorlog** by julle uitbreek of as julle hoor van oorlog ver van julle af nie. Dit is alles dinge wat moet gebeur, maar dit sal nog nie die einde wees nie. ⁸ Die nasies sal teen mekaar veg en die een volk sal teen die ander te staan kom. Op verskillende plekke sal daar **aardbewings** wees en daar sal groot **hongersnood** in verskillende wêrelddele wees. Maar dit sal net die begin van die **swaarkry** wees.

⁹ “Let op wat alles met julle sal gebeur. Die mense sal julle voor die hof sleep en in die sinagoges sal hulle julle slaan. Julle sal voor konings en goewerneys aangekla word omdat julle my volgelinge is. (**Vervolging**) Dit sal vir julle die kans gee om hulle te vertel wat julle glo. ¹⁰ Maar voordat die einde kom, moet die Goeie Nuus eers aan al die nasies vertel word. ⁸⁸

*In die Nuwe Testament lê Jesus besondere klem op die rampe, gebroke verhoudings, vervolging en verdrukking van die eindtye. Dit sal gepaard gaan met allerlei natuurverskynsels, gevolg deur die terugkeer van Jesus (vgl Matt 24; Mark 13; Luk 21). Matteus (21:36–44) beklemtoon dat die dag **nie bepaal kan word nie**. Diegene wat dus datums probeer vasstel doen dit direk in stryd met wat die Bybel oor die dag sê. **Dit sal totaal onverwags wees** soos in die tyd van Noag of soos 'n inbreker toeslaan. Die klimaat sal wel sigbaar wees (Matt 21:32–35), maar die dag en datum is net aan God bekend. Ons moet net waaksaam wees (Luk 21:34–36) en elke dag gereed wees vir hierdie dag.*

Paulus koppel ook die dag van die Here aan die terugkeer van Jesus. Hy praat etlike kere van die dag wanneer die Here kom (1 Kor 1:8; 5:5; 2 Kor 1:14; Fil 1:6, 10; 2:16; 1 Tess 5:1–11; 2 Tess 2:1–12). Al hierdie verwagtings kom tot 'n klimaks in die boek Openbaring wanneer al die drade saamgetrek word tot 'n grootse beskrywing van die laaste dae in hoofstuk 19–22. Die ou kenmerke wat reeds in die Ou Testament genoem word, word nou deel van 'n groot finale wat eindig met God se teenwoordigheid by die mense.⁸⁹

*Openbaring 22:6–21; Die laaste gedeelte, ook **die slot** met uiteenlopende onderwerpe, word aanmekaar gebind deur die dringendheid van die nabyheid van die Here Jesus se terugkeer, asook dat Johannes se geskrif betroubaar en gesaghebbend is. 'n Mens moet ook let op die opvallende ooreenkomste tussen Openbaring se inleiding (1:1–20) en die slot (22:6–22).⁹⁰*

*In die laaste verse (22:20–21) bevestig Jesus nog 'n keer dat Hy binnekort kom. Johannes bevestig dit ook deur sy eie gebed: Amen! Kom, Here Jesus! Dit is die Griekse vorm van 'n vroeë Christelike gebed wat uit Aramees vertaal is: Marana ta (vgl 1 Kor 16:22). Die gelowiges het mekaar gedurig herinner aan Jesus se terugkeer, veral by etes. Die boek Openbaring word afgesluit met die gebruikelike briefgroet (vgl Gal 6:18). **Die gelowiges se daaglikse uitsien na die terugkeer van die Here Jesus versterk hulle in hulle stryd om te volhard in die geloof totdat Hy kom.**⁹¹*

Ander teksverwysings na die wederkoms vir selfstudie:

tyd kan nie bereken word nie: Matt 24:1-31

tekens van die tyd: **Matt 24:1-31, 32-51**

skynbare wegbly van die terugkeer: **Matt 24:32-35**

waaksaamheid en gereedheid nodig: **Matt 24:32-51; Luk 12:35-48; 21:34-38**

hoe die “wag” moet plaasvind: **Matt 25:1-13, 14-30**

rampe en vervolging nie noodwendig teken van eindtyd nie: **Mark 13:3-13**

die gruwel van verwoesting: **Mark 13:14-23**

vals christusse en vals profete: **Mark 13:14-23**

gebeure by terugkeer: **Mark 13:24-36**

die wanneer van die terugkeer: **Mark 13:24-36**

⁸⁷Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁸⁸Die Lewende Bybel, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

⁸⁹Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

⁹⁰Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

⁹¹Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

hoe Jesus se volgeling reageer op belofte van terugkeer: **Mark 13:24-36**
noodsaak van lewende terugkeerverwachting: **Mark 13:1-37**
oppas vir allerlei spekulasies: **Mark 13:1-37**
aktief wag: **Mark 13:1-37; Jak 5:7-20**
onverwagsheid van terugkeer: **Luk 17:22-37; Op 16:15**
taak tot met Jesus se terugkeer: **Luk 19:11-28;**
onderlinge liefde maak mens sterk vir Jesus se terugkeer: **1 Tess 3:12-13**
terugkeer gaan onverwags wees: **1 Tess 5:1-3**
hoe mens op die terugkeer moet wag: **1 Tess 5:4-10; 2 Pet 3:11-16**
optrede van die wettelose mens voor Jesus se terugkeer: **2 Tess 2:1-12**
aksiëprogram vir die tyd tot Christus se terugkeer: **1 Pet 4:7-11**
wat gebeur as jy die terugkeer ontken: **2 Pet 2:1-22**
die skynbare uitbly van die terugkeer: **2 Pet 2:1-22**
waarom God wag met die terugkeer: **2 Pet 3:8-9**
nie moet verloor in die eindtyd: **1 Joh 2:28-3:3**
chiliasiese standpunt oor die terugkeer: **Op 20:1-15 92**

9.3 Hoe moet gelowiges die verskillende beskouings oor die eindtyd verstaan en hanteer?

Alle Christene glo dat Jesus eendag sal terugkeer (**Hand 1:11**). Daar bestaan egter groot verskil van mening oor **hoe** dit sal plaasvind en wat **die volgorde** sal wees van die gebeurtenisse wat met die wederkoms gepaard sal gaan. Hierdie verskilpunte word al vir eeue lank gedebatteer en **kan in vier verskillende standpunte saamgevat word**. Lesers word aangemoedig om hierdie standpunte en die interpretasie van die tersaaklike tekste te beoordeel aan die hand van die uitleg in hierdie kommentaar en so tot 'n eie mening te kom.

Die primêre punt is dat ons mening in verband met die saak nie ons saligheid beïnvloed nie en dit moet nie ons hoop op die wederkoms bederf nie.

9.3.1 Die Premillennium-beskouing wat in Bedelings Verloop

Voorstanders van hierdie beskouing aanvaar dat God se plan met die mensdom in verskillende bedelings ingedeel kan word. God se **plan met Israel verskil van dié met die kerk**. Die beloftes van God aan Abraham, Dawid en ander Bybelfigure rakende 'n herstel van Israel in Kanaän onder Messiaanse bewind is nog van krag. (Die herstel van die staat Israel in 1948 word as deel van hierdie vervulling beskou.) Met die kerk van Jesus Christus loop God egter 'n ander pad. Die kerk word die bruid van Christus (Ef 5:23; Op 19:7–9). **Israel en die kerk sal dus die tweede koms van Christus, die opstanding, oordeel en toekomstige seëninge afsonderlik beleef.**

Christene moenie hulle steur aan verdrukings of ander aardse gebeurtenisse nie. Hulle moet net die oog hou op die terugkeer van Christus (1 Kor 1:7b), want dis op hande: Hy kan enige dag kom. **Dan sal die kerk van die groot verdrukking gered word deurdat die gelowiges weggeraap sal word** om Christus in die lug te ontmoet. Gelowiges sal dan 'n nuwe liggaam ontvang (Fil 3:20–21) en voor Christus se troon verskyn om vir hulle dade beloning te ontvang (1 Kor 3:11–15). Dan word die kerk Christus se bruid en vier hulle die bruilof van die Lam (Op 19:1–9).

Op grond van Daniël 7 verwag hulle dat daar dan 'n sewejaar-periode sal aanbreek. In hierdie tyd sal die Antichris verskyn en hom by die Jode skaar. Na drie en 'n half jaar sal hy begin om **die Jode te vervolg** (Matt 24:15–22). Dit sal lei tot die grootskaalse **bekering van die Jode** tot die Here.

Aan die einde van die verdrukking van 'n verdere drie en 'n half jaar is dit die **terugkeer van die Here**. Hy vernietig dan sy vyande by Armageddon, bind die Satan en vestig Hom as koning oor Israel (Op 19:19–20:6). **Dit is die begin van die duisendjarige vrederyk** wanneer Christus op die troon van Dawid sal regeer om die beloftes in die Ou Testament vir Israel waar te maak. Hy sal geregtigheid en vrede onder alle volke bring (Jes 2:4; 9:6–7; 42:1). Daar sal ook geen siekte meer wees nie (Jes 35:5–6) en selfs onder die diere sal daar vrede heers (Jes 11:6–9).

Die Satan sal aan die einde van die duisend jaar weer losgelaat word. Hy sal 'n opstand teen Christus voer, maar verslaan word. Dan word hy *in die poel van vuur en swael gegooi* (Op 20:10). Die onbekeerde dooies word dan opgewek en verskyn voor die oordeelstroom van God.

Daarna **herskep God die hemel en die aarde**, wis alle boosheid en kwaad uit en verenig die gelowiges wat reeds in die hemel is met die gelowiges uit Israel op aarde. Uiteindelik daal die nuwe Jerusalem op die aarde neer, kom woon God by ons en vernietig pyn en dood (Op 21:1–4).

9.3.2 Die Histories-premillennium-beskouing

Diegene wat hierdie beskouing onderskryf, glo dat **Jesus** reeds **op 'n geestelike wyse** as Heer in die lewe van die gelowiges en die kerk **regeer**. Tog moet Hy nog *elke mag, elke gesag en krag vernietig* (1 Kor 15:24–26) sodat die hele skepping sal erken dat Hy die Here is (Fil 2:10–11).

Jesus het ook 'n tydperk van vervolging en katastrofes voorspel. Wanneer dit gebeur, sal die Antichris homself tot God verklaar, 'n opstand teen God lei en daardeur groot lyding en ver-volging veroorsaak (Matt 24:15–33; 2 Tess 2:3–12). **Gelowiges sal nie die vervolging vryspring nie.** Hulle sal wel soos Christus lyding ervaar, maar word opgeroep om waaksaam en geduldig te wees (Jak 5:7–8). God belowe egter dat Hy hulle sal red van die groot oordeel aan die einde (1 Tess 1:10; Rom 8:17).

Christus se terugkeer is dus 'n bonatuurlike gebeurtenis wat eers ná die verdrukking sal plaasvind. **Dan kom Hy om die gelowiges te red en sy duisendjarige vrederyk te stig.** By die slag van Armageddon sal Hy sy vyande verslaan en die Antichris gooi in die *vuurpoel wat met swael brand* (Op 19:20). Dit voltooi die eerste fase in Christus se oorwinning oor sy vyande.

Dan sal Jesus die dooie en lewende gelowiges 'n nuwe liggaam gee sodat hulle Hom in die lug kan ontmoet en saam met Hom **die duisendjarige vrederyk** op aarde kan stig. Die Satan word *vir duisend jaar vasgebind en in die onderaardse diepte gegooi ... sodat hy nie meer die na-sies kan verlei* nie (Op 20:1–6). Christus se vrederyk sal Israel aanspoor om hulle tot Hom te be-keer. Dit sal ook verskeie Ou-Testamentiese profesieë van vrede, geregtigheid en harmonie tussen mense onderling en tussen mens en dier teweegbring (Jes 11:6–8; 35:1–10).

Die duisendjarige vrederyk kom tot 'n einde wanneer die Satan losgelaat word en hy 'n op-stand teen God self lei. Hy sal uit *die vier uithoeke van die aarde* versamel om teen God oorlog te maak (Op 20:8). God sal hierdie magte vernietig en Satan vir ewig in die *vuurpoel* gooi (Op 20:14).

Dan eers word alle ongelowige dooies opgewek om voor die groot wit troon van God te verskyn (Op 20:4–5). Hierdie oordeel sal elkeen se ewigheidsbestemming bepaal. Daarna skep God **'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde** waarin die skepping herstel word en daar nooit weer kwaad sal voorkom nie.

9.3.3 Die Postmillennium-beskouing

Die kern van hierdie beskouing is dat die Christengelowiges die duisendjarige vrederyk tot stand sal bring en dat die terugkeer van Jesus eers ná die duisend jaar sal plaasvind.

Hierdie standpunt is gebaseer op **Jesus se opdrag** net voor sy hemelvaart. Toe het Hy sy volgelinge aangemoedig om die evangelie oor die hele wêreld te verkondig. Hy het beklemtoon dat *alle mag* aan Hom gegee is en dat Hy *tot die voleinding van die wêreld* by hulle sal wees (Matt 28:18–20). Hy regeer reeds vanuit die hemel oor die skepping (Hand 2:32–36; Ef 1:20–22). Daarom kan niks sy volgelinge stuit in die uitvoering van die opdrag om die wêreld te evangeliseer nie.

Die kerk werk soos suurdeeg wat geleidelik die deeg deursuur (Matt 13:33). Soos die Lam in Openbaring die bose magte by Armageddon deur die swaard van sy woord sal verslaan (Op 19:15; Heb 4:12), so sal die kerk eendag deur die verkondiging van God se woord die duisendjarige vrederyk vestig.

Uiteraard is daar **struikelblokke** in die uitvoering hiervan. Johannes se visioen van die groot verdrukking simboliseer juis hierdie voortdurende konflik tussen goed en kwaad (Op 7:14; 13:1–18). Tog het die Christendom skouspelagtig gevorder sedert Jesus destyds 'n klompie vis-sermanne beveel het om die evangelie uit te dra. Die evangelie het intussen oor die Romeinse Ryk, oor talle volke en stamme en oor kerklike korrupsie getriomfeer. Sendelinge is besig om die evangelie van Jesus Christus tot aan die uithoeke van die aardbol uit te dra.

Die duisendjarige vrederyk sal nie op bonatuurlike wyse tot stand kom nie, maar 'n na-tuurlike uitvloeisel van die geskiedenis wees. Wanneer Psalm 47 en 72 praat van alle volke wat God sal loof, die regverdiges wat sal floreer en ware geregtigheid wat sal heers, dui dit nie op 'n nuwe tydperk nie, maar op hierdie bedeling. Immers, die evangelie van Christus het die krag om nie net individue te verander nie, maar om ook sosiale en kulturele

transformasie te bewerk. Swaarde sal in ploegskare verander word (Jes 35:1, 7) en die Satan sal gebind word (Op 20:1–3).

Hierdie goue tydperk is die gevolg van **Christus se onsigbare geestelike regering** van-uit die hemel deur middel van sy woord (Op 19:11–21; 20:4–6). Die duisendjarige vrederyk sal dus ontstaan as gevolg van historiese kragte wat nou reeds teenwoordig is en nie as gevolg van kata-strofale of bonatuurlike gebeurtenisse nie. Verder is die belofte van 'n eerste opstanding nie 'n ge-leentheid waar gelowiges 'n nuwe liggaam kry nie, maar 'n bevestiging dat die verspreiding van die evangelie nie gekeer sal word nie (Op 20:4–6). Die duisend jaar waarvan Openbaring 20:2 praat, is simbolies van 'n volmaakte tyd en kan langer as duisend jaar duur.

Die duisendjarige vrederyk sal eindig wanneer Satan losgemaak word uit die *onderaardse diepte* en hy sy opstand begin (Op 20:7–10). Dan sal **Christus terugkeer**, Satan oorwin en alle mense oordeel. Selfs die dooies sal opgewek word vir die oordeelsdag (Joh 5:25–29). Dan skep Christus 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar kwaad nie meer sal bestaan nie (Op 21:1–22:5).

Voorstanders van hierdie beskouing is **optimisties oor die toekoms** van die mensheid omdat Jesus reeds die eindbestemming van die geskiedenis verander het. Daarom moet die kerk die groot verantwoordelikheid uitleef om die evangelie aan die hele wêreld te verkondig. Dit is wat die idilliese tydperk van vrede en voorspoed, dit wil sê die duisendjarige vrederyk, tot stand sal bring.

9.3.4 Die A-millennium-beskouing

Volgens hierdie beskouing is die toekoms wat die Bybel voorsien betreklik ongekompliseerd. Daar sal nie 'n toekomstige sigbare regering van Christus wees nie. **Die duisendjarige vrederyk dui op Christus se huidige heerskappy in sy kerk.**

Die Nuwe Testament verwys **net na twee verskillende tydperke**, hierdie bedeling en *die bedeling wat kom* (Matt 12:32; Mark 10:30; Luk 18:30; 20:34–35; Joh 16:11; Hand 3:19–21; 2 Kor 4:4; Heb 6:5). Huwelike en dood is tipies van die mensdom in hierdie bedeling (Luk 20:34). Omdat Satan *die owerste van hierdie wêreld is* (Joh 16:11), sal die mense van hierdie bedeling hulle *laat lei deur die vors van die onsigbare magte* (Ef 2:2). In die komende bedeling sal daar geen huwelike of dood wees nie (Luk 20:35–37). Die ongelowiges sal gestraf word vir hulle boosheid, maar die gelowiges sal vir altyd lewe (Matt 25:31–24). Christus se tweede koms is die gebeurtenis wat hierdie twee bedelings skei.

Jesus se kruisdood het destyds **reeds die koninkryk van God** ingelui. Gevolglik *sal hierdie goddelose wêreld* (Gal 1:4) *verbygaan* (1 Kor 7:31). Jesus het reeds die Satan gebind (Matt 12:29) en so sy mag beperk (Luk 10:17). Daarom kan *die owerste van hierdie wêreld* nie die verspreiding van die evangelie van Christus verhoed nie (Matt 16:18). Jesus is nou die Heer wat as koning re-geer in die hart en lewe van die gelowiges (Luk 22:29; Joh 18:36; Ef 1:20–23). Sy koninkryk is die kerk en is geestelik van aard.

Die opvatting van 'n goue tydperk van duisend jaar is onversoenbaar met hierdie bese wêreld. Die verskillende visioene in Openbaring 5–20 volg ook nie chronologies op mekaar nie, maar is parallel aan mekaar. Elke visioen beeld geestelike werklikhede in die hele kerklike bedeling uit. Die laaste deel van Openbaring (hfst 21–22) beskryf die toekomstige bedeling. Die eerste op-standing (Op 20:4–6) verwys na gestorwe gelowiges wat saam met Christus in die hemel regeer, want Johannes sien nie verheerlikte liggame nie. Die gebeurtenisse wat die vrederyk inlui (Op 20:1–6) is besig om nou reeds plaas te vind.

Soos die eindtyd nader, sal die bese magte hulle klimaks in die Antichris en die verdrukking bereik (2 Tess 2:1–3). **Op die dag van die Here** (die oordeelsdag) sal Christus neerdaal om hulle wat aan Hom behoort te versamel en die dooies op te wek. Dan sal elkeen voor die regterstoel van Christus verskyn. Die gelowiges sal opstaan tot die ewige lewe en die ongelowiges sal geoordeel word (Joh 5:28–29). Die wat aan Christus behoort, sal saam met Hom tot in ewigheid lewe.


Die **beloftes wat God aan die getroues in Israel maak sal in die kerk**—die ware Israel—vervul word. Paulus en Johannes sê dat gelowiges in Christus *ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die beloftes van God* is (Gal 3:29; Rom 2:28; Op 2:9, 3:9). Petrus sê dat die opgestane Jesus wat ook opgevaar het, nou aan die regterhand van God sit. Daarmee is God se belofte aan Dawid vervul (Hand 2:33–36). Die nuwe Jerusalem en die nuwe hemel en nuwe aarde (Op 21–22; Gal 4:25–26; Heb 12:22–23) vind gestalte in die kerk. Die *water van die lewe* wat *stroom uit die troon van God en van die Lam* simboliseer God se teenwoordigheid by sy mense. So het die kerk die plek van Israel ingeneem.

Samevatting van eie mening:


DIAGRAMMATIESE OPSOMMING

1) CHILIASTIESE STANDPUNT(WEGRAPING)

1.1) BEDELINGS PREMILLENNIUM STANDPUNT



1.2 HISTORIESE PREMILLENNIUM STANDPUNT



2) ANTI-CHILIASTIESE STANDPUNT

2.1 POST MILLENNIUM STANDPUNT



2.2 A-MILLENNIUM STANDPUNT



10. DOOD EN EWIGE LEWE BY GOD

10.1 Agtergrondvraag: Hoekom vrees ongelowiges die dood?

Die lewe na die dood is vir die meeste ongelowiges onbekend en daar is geen hoop nie. Dit word beleef as 'n onveranderlike en permanente verwydering van hierdie lewe na niks.

10.2 Agtergrondvraag: Wat verwag jy van die lewe na die dood. Hoekom sien jy uit na die ewige lewe?

Lees Joh 14:2-6 (Hemelse Erfenis)

² In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. ³ En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

⁴ En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan.” ⁵ Tomas sê toe vir Hom: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?” ⁶ Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. ⁹³

Lees Openbaring 21:1-4 (Nuwe Jerusalem)

Toe sien ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, want die vorige hemel en aarde het verdwyn en daar was nie meer 'n see nie. ² Ek het ook gesien hoe God die nuwe Jerusalem, die heilige stad, van die hemel af laat afkom. Die stad was pragtig versier soos 'n bruid wat haar reggemaak het om haar bruidegom te ontmoet. ³ Uit die troon het ek 'n harde stem hoor uitroep: “God se tuiste is nou by die mense. Hy gaan by hulle woon, en hulle sal sy volk wees. God self sal hulle God wees en Hy sal by hulle bly. ⁴ Hy sal elke traan van hulle oë afvee, en daar sal nie meer dood wees nie. Niemand sal ooit weer hartseer wees of huil nie, en daar sal geen pyn meer wees nie. Al die dinge wat vantevore daar was, is nou vir altyd verby!” ⁹⁴

10.3 Wat gebeur met gelowiges wat sterf voor die wederkoms?

Lees 1 Tessalonisense 4:13–18

Die Tessalonisense het gedink dat Jesus se terugkeer baie gou sou plaasvind. Toe van **die gelowiges begin doodgaan**, was dit vir hulle 'n groot probleem en hulle het gewonder of hulle die terugkeer daarom gaan misloop. Die wyse waarop hulle **getreur** het, het ook laat blyk dat hulle gedink het die dood is 'n finale skeiding. Paulus verduidelik dat dit nie die geval is nie. Sowel die **skeiding tussen gees en liggaam** as die skeiding **tussen gelowiges** is net tydelik. Met Christus se terugkeer word gees en verheerlikte liggaam herenig, en dan gaan alle gelowiges, dié wat reeds dood is én dié wat met Jesus se terugkeer nog leef, saam by die Here wees, vir altyd.

⁹³Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.

⁹⁴Die Lewende Bybel, (Roodepoort: Living Bibles International) 1982.

Paulus se bedoeling is nie om hier haarfyn 'n beskrywing van die volgorde van gebeure met Jesus se terugkeer te gee nie, maar om die verontruste gelowiges die versekering te gee dat **die ontslapenes nie 'n agterstand** met die terugkeer van Jesus sal hê nie.

In **1 Tes 4:14** word dié wat gesterf het **die ontslapenes** genoem. Die liggaamlike dood word ook elders met “slaap” vergelyk. Christus het die angel uit die dood gehaal, sodat dit vir die gelowige nie meer 'n permanente toestand is nie, maar soos 'n slaap. Daar is vir die gelowige ten minste drie punte van **vergelyking tussen “dood” en “slaap”**:

- Soos slaap is die dood 'n **tussentoestand**: voor jy slaap, is jy wakker, en nadat jy geslaap het, is jy weer wakker. Uit die Bybel weet ons baie min oor hierdie tussentoestand. Wat ons wel weet, is dat dit 'n wonderlike rus by die Here gaan wees.
- Soos wanneer jy slaap, **bly jy ook in jou dood dieselfde persoon**: as jy gaan slaap, opstaan en in die spieël kyk, is jy nog jy. So sal dit ook by die opstanding wees.
- Soos wanneer jy geslaap het, **staan jy op as 'n nuwe mens**: 'n Goeie nagrus maak dat jy verfris die volgende oggend opstaan. Met die dood is dit nog veel meer so: jy word heeltemal 'n nuwe mens, met nie net 'n verfriste liggaam nie, maar 'n verheerlikte liggaam.

As jy weer by **die sterfbed of die graf van 'n geliefde** staan, herinner jouself aan die woorde van **1 Tes 4:17–18**. Ervaar dan **die troos** wat God jou daarmee gee: met Jesus Christus se terugkeer sal alle gelowiges vir altyd saám by die Here wees. Daar kom dus 'n herontmoeting om nooit, nooit weer geskei te word nie. 'n Wonderlike toekoms lê voor, saam met ons Here op hierdie aarde, nadat dit deur Hom nuut gemaak is.

10.4 Kan gelowiges treur oor die wat gesterf het?

In **1 Tes 4:13** staan daar: ***Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie.*** Hierdie vertaling skep die indruk dat gelowiges glad nie mag treur nie. Dis nie die geval nie. Die oorspronklike kan daarom beter vertaal word as: “Dan sal julle ook **nie só treur** nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie.” Dit gaan dus oor die wyse van treur, en nie daaroor dat die gelowige nie mag treur nie.⁹⁵

Lees Openbaring 21:1–22:5

Na die skrikwekkende oordeelsvoltage oor die goddeloses, die vernietiging van die Satan, die dier en die vals profeet as bese trio, die triomferende koms van Christus as regter en die finale oordeelsbekendmaking by sy terugkeer, breek **die nuwe nou in volle glorie** aan. God maak alles, die mens ingesluit, nuut!

10.5 Waar is die nuwe hemel en nuwe aarde?

Die eerste skepping word totaal vernuwe tot **'n nuwe hemel** en **'n nuwe aarde (21:1)**. Die nuwe moet nie noodwendig as 'n letterlike nuwe plek verstaan word nie, maar eerder as beeldspraak vir die volmaakte gemeenskap met God wat nou aangebreek het. Die ou bedeling, voorgestel as die **eerste hemel** en die **eerste aarde**, waarin pyn en lyding en sonde nog werklikhede was (vgl Jes 65:17), word vervang deur 'n nuwe toestand van altyddurende volmaakte heerlikheid saam met God (vgl Rom 8:19–22). In figuurlike sin bestaan die *see* ook nie meer nie, omdat dit in die antieke denke beskou is as die woonplek van die bese (**13:1, 6–7**), terwyl die bese nou vernietig is.

Johannes sien die **heilige stad, die nuwe Jerusalem** wat van God af kom (**21:2**). In die Joodse verwagtings van die eindtyd neem Jerusalem 'n besondere plek in. Hulle het verwag dat die Messias sou kom en Hom saam met sy volk in Jerusalem sou vestig (vgl Jes 60; Eseg 40–47). Johannes gebruik dit as 'n dinamiese beeld om die nuwe gemeenskap en verblyf van God saam met die mens uit te beeld. Die **nuwe Jerusalem** is simbolies van die nuwe gemeenskap, die kerk. God gee dit verniet: **uit die hemel** (vgl Jes 52:1–3). Die **stad** is **gereed soos 'n bruid (21:2)**.

⁹⁵Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.

Teenoor die *berugte sedelose vrou Babilon (17:3)* staan die versierde hemelse bruid. Net só vorm die Goddelike stad *Jerusalem* 'n kontras met die bose *Babilon* (vgl Jes 25:8; 35:10; 65:19).

God se woonplek is nou by die mense (21:3). God woon in al sy heerlijkheid by die gelowiges in die *nuwe Jerusalem* (vgl Jer 31:33; Eseg 37:27). Hulle sal sy volk wees en Hy sal hulle God wees. Die verbondsformule word opnuut waar gemaak (vgl Lev 26:11–12).

10.6 Wat is my verwagting van hoe dit in die hemel sal lyk?

Mense sal ***nie meer sterf of pyn en lyding verduur*** nie (21:4). Die *dinge van vroeër* wat die gevolge van die sonde was, het verbygegaan. Sulke dinge gee pad voor die volmaakte saamwees met God (vgl 1 Kor 15:54–55). En vir die eerste keer, volgens Openbaring, hoor ons God se eie stem van die troon af sê: *Kyk, Ek maak alles nuut*. Mens en skepping word totaal vernuwe deur die volmaakte nuwe verhouding met God. Dit waarna die hele skepping só uitgesien het (Rom 8:18–22), het nou volmaak aangebreek.

Johannes moet **die betroubare woorde van God op skrif stel (21:5)**. Die stelligheid van die nuwe bedeling staan só vas dat dit beskryf word asof dit reeds klaar gebeur het (21:6). God noem Homself ***die Alfa en die Omega*** (die eerste en die laaste letter van die Griekse alfabet). Hy is die oorsprong en ook die bestemming van alles en almal: Hy omspan alles en almal, net soos die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet alles tussenin omvat. God les ook die mens se ewige verlange na Hom (*dors*) met *die water van die lewe* (vgl Jes 55:1; Jer 2:13). In die volmaakte gemeenskap met God sal niemand ooit weer *dors* kry nie.

Om **getroue navolger van Jesus Christus** te wees, beteken om te deel in die oorwinning wat reeds behaal is. Die beloning is om *alles* te ontvang (21:7). Alles beteken om volkome gemeenskap met God te hê, 'n intieme persoonlike verhouding. Elke oorwinnaar ondervind weer die hegte saamwees met God, as kind en erfgenaam. Dit is dié waarheid wat die gelowige dwarsdeur al die eindgebeure dra: dat God ons God is en dat ons sy kinders is! Dis ook die verbondsformule wat Israel destyds gedra het (vgl Gen 17:7; 2 Sam 7:14).

Die teendeel is ongelukkig maar regverdiglik ook waar: die volgelinge van die bose dier loop uiteindelik dieselfde pad as die draak, dier en vals profeet, naamlik om in die poel van *vuur en swael* gegooi te word. Dit is om vir altyd afgesny te wees van enige gemeenskap met God (21:8).

Die gedeelte **21:9–22:5** word gewy aan 'n beskrywing van ***die bruid, die vrou van die Lam***, voorgestel as die nuwe hemelse stad *Jerusalem*. Die *nuwe Jerusalem* word nie net *bruid* genoem nie maar ook *vrou van die Lam* (21:9). Dit beklemtoon die permanente en intieme verhouding tussen Christus en sy kerk. So 'n hegte verhouding tussen God en sy volk is dikwels in die Ou Testament deur die beeldspraak van die huwelik uitgebeeld (vgl Jes 54:5; Hos 2 en Mark 2:19).

Johannes sien vanaf die *hoë berg*, as plek van besondere Goddelike bekendmaking (vgl Eks 19; Eseg 40:1–2), die ***heilige stad Jerusalem***. Hy gaan dit wat hy sien in beeldspraak aan ons verduidelik, sodat ons iets van die betekenis van die aangrypende grootsheid van die nuwe volmaakte saamwees met God kan beleef. Die beeldspraak kom veral uit die Ou Testament. Dit bevat ook beelde wat ooreenkom met beelde uit antieke Babiloniese geskrifte.

Die stad glinster soos 'n kosbare kristalhelder opaal (21:11). Dit beklemtoon bloot dat die stad vol is van die teenwoordigheid en heerlijkheid van God. Sy heerlijkheid is stralend en glinsterend (vgl Eseg 43:5). In die hoë *muur* is daar *twalf poorte* met *twalf engele* wat dit bewaak (21:12–14). Die *twalf poorte*, drie van elke kant af, benadruk dat daar voldoende toegang was vir die navolgers van die Lam. Die muur fokus op die skeiding tussen gelowiges (binne) en ongelowiges (buite). Daarom word die toegange bewaak om net die gelowiges toe te laat. Op die poorte is die name van die *twalf stamme van die volk Israel* geskryf en op die *twalf fondamente* die name van die twalf apostels *van die Lam*. Dit is simbolies daarvan dat sowel die Ou-Testamentiese as Nuwe-Testamentiese geloofsvolk van God hulle tuiste in die stad vind. Saam vorm hulle die vol getal van God (144 000). Dit is 'n simboliese getal, en moet dus nie letterlik verstaan word nie.

Dieselfde engel wat vanaf die hoë berg die stad aan Johannes gewys het (**21:10**), gaan nou ook die stad **meet met 'n goue meetstok (21:15–17)**. Dit beteken dat die stad God se eiendom is wat aan almal wat daar hoort, blyplek gee (vgl Eseg 40–41; Sag 2:1–5). Elk van die kante is *twalf duisend kilometer* (letterlik “stadia”) lank. 'n “Stadium” is ongeveer twee honderd meter. Dit gaan egter nie oor die presiese lengtes nie maar oor die simboliek. Die stad is in die vorm van 'n kubus, waarvan al die sye ewe lank, ewe breed en ewe hoog is. Die Allerheiligste in die tempel was in die vorm van 'n kubus (vgl 1 Kon 6:20). Dit het God se teenwoordigheid uitgebeeld. Dit wys dus: God is teenwoordig in dié stad. Die muur rondom die stad is *honderd vier en veertig meter* (letterlik “el”) hoog. 'n “El” is ongeveer 'n halwe meter, maar weer gaan dit oor die simboliek (12 x 12). Die mate van die stad dui op sy grootsheid en dat dit, as woonplek van God plek, het vir almal wat daar hoort.

Die **muur van die stad** is van *opaal (21:18)*, 'n edelsteen wat altyd met God geassosieer is. Die stad self is van *goud* wat sy blywende waarde beklemtoon. Die *twalf fundamente* van die stadsmuur is met *twalf edelstene* versier. Dit herinner aan die twalf edelstene wat in die borssak van die hoëpriester aangetref is (Eks 28:17–21; 39:10–13). Die *strate* is van *goud* en elk van die *twalf poorte* is uit een pèrel gemaak. Die nuwe Jerusalem kom dus na aanleiding van die twalf edelstene ooreen met 'n priester wat in diens van God is (**5:10; 20:6**). Die hele “hemel” is in God se diens. Die waardevolle edelstene word gekontrasteer met die juwele van die berugte sedelose vrou Babilon.

Die hele stad is 'n tempel omdat God en die Lam daar teenwoordig is (**21:22**). Daarom is daar nie 'n tempelgebou nie.

Die stad het ook **nie meer die son en maan nodig** om natuurlikerwys lig te verskaf nie want God se *heerlikheid* en die *lamp* van die Lam voorsien self die lig (**21:23–24**). Die glansryke heerlijkheid van die Goddelike teenwoordigheid dien as lig om in te leef. Daarom verdwyn die onderskeid van dag en nag ook. Die *nasies* wat in die teenwoordigheid van God lewe, bring hulle *skatte* na God toe (**21:24**). En die *poorte* staan nou oop omdat die bose vernietig is (**21:25**). Slegs die gelowiges het burgerskap volgens die nuwe stad se register. Hulle burgerskap is verkry op grond van die offer van die Lam. Net hulle kan in die stad lewe (**21:27**). Wie *onrein, losbandig of vals* is of optree, dit wil sê, almal wie se sondes nie vergewe is nie, kom nie in die stad nie.

Daarop wys die engel aan Johannes die **rivier met die water van die lewe (22:1)**. Dit stroom kristalhelder *uit die troon van God en van die Lam*. Dit is simbolies van die lewegewende water wat direk uit die teenwoordigheid van God en die Lam kom.

Tussen die *rivier* en die *hoofstraat* staan **die boom van die lewe (22:2)**. Die vermoë om twalf keer per jaar vrug te dra, simboliseer God se oorvloedige en gereelde versorging. Die Bybelse verhaal sluit weer af met 'n paradysverhaal. Die *boom van die lewe* sou volgens Genesis 3:22 onsterflikheid aan die mens gegee het. Dit het nou waar geword. Volgens Joodse opvatting wag daar drie prominente sake in die tuin van Eden: die troon van God, die rivier en die vrugdraende boom van die lewe (vgl 1 Henog 25:1–7; 2 Henog 8:1–8). Die woord *paradys*, wat *tuin* of *park* beteken, is van Eden maar ook van die hemel gebruik (vgl 2 Henog 8:3, 5, 6). Die herstel van die paradystoestand was altyd in die Joodse denke 'n prominente tema. Die *blare van genesing* is waarskynlik simbolies van die algehele afwesigheid van liggaamlike of geestelike siektes. Niemand het meer aan enigiets behoefte nie.

Sonde ontbreek geheel en al. Versoening is ook reeds gedoen. Daarom is niks nou meer *vervloek* nie. Die seëvierende gelowiges sal God *sien* en *dien* en gedurig daarvan bewus wees dat hulle aan God behoort. Sy *Naam* op hulle *voorkoppe* is die simboliese getuigenis daarvan (**22:4**). Wat 'n aangrypende oomblik om God te kan sien!

Die *son* of enige *lamp* is nie meer nodig nie omdat die **heerlikheid van die Here God hulle sal verlig (22:5)**; vgl Jes 60:19–20 en Op 21:23). In volmaakte saamwees met God regeer die triomferende gelowiges nou vir altyd. Die toekomstige gemeenskap met God en die Lam is simbolies en op meesterlike wyse deur Johannes vir ons geteken met behulp van die beeld van die nuwe Jerusalem.⁹⁶

⁹⁶Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.